83-
1604

Ds AJ van Staden

# die dood en daarna

1604

KITAL

DS A J VAN STADEN

# DIE DOOD EN DAARNA

HAUM
PRETORIA · KAAPSTAD

© HAUM Uitgewery, Pretoria, Kaapstad
Eerste uitgawe, eerste druk 1980
ISBN 0 7986 0467 0
Geset deur Dieter Zimmermann Edms Bpk, Johannesburg
Gedruk deur Weeshuispers, Pretoria

KITAL

# VOORWOORD

Uit die bekwame skryfvermoë van ds A J van Staden kry ons hier 'n kosbare boek.

Dit handel oor 'n saak wat aktueel is vir alle mense, naamlik: "die dood, daar omheen en daarna". "Die dood werk elke uur," so sing die gemeente. "Daar is net een tree tussen my en die dood," so kom dit uit die Bybel. Selfs mense buitekant die geloof in die Drie-enige God, het met die probleem van die dood en dit wat daar omheen is en wat daarna wag, geworstel. Daarom is hierdie werkstuk so welkom.

Sy betekenis is daarin geleë dat dit nie produk van die fantasie is nie. Dit is nie spekulasie wat daarop uit is om nuuskieriges tegemoet te kom nie.

Hierdie helder gedagtes oor al die aspekte van die dood en daarna, het 'n duidelike Bybelse grondslag. Daarom voel ek oortuig dat elkeen wat dit lees nie in die onsekere rondgeslinger gaan word nie. Alle vrae sal nie beantwoord word nie, maar wat die Bybel daaroor meedeel, het die skrywer op 'n verstaanbare wyse vir ons gebring. Mag ook hierdie werk, deur die seën van die Here God, die lig van die Evangelie van Jesus Christus in die donker skaduwee van die dood laat skyn.

L M LE ROUX

# INHOUDSOPGAWE


Voorwoord ..... v

**1 Die sterflikheid van die mens** ..... 1
Wat leer die Bybel? ..... 1

**2 Wat gebeur wanneer die mens sterwe?** ..... 4

**3 Die dood kom in verskillende vorms na die mens** ..... 8
Hoe kom die dood na die mens? ..... 9

**4 Die dood is die vyand van God en die mens** ..... 12

**5 Die tussentoestand** ..... 17

**6 Die doderyk** ..... 20

**7 Sal die afgestorwenes mekaar in die doderyk ken?** ..... 24

**8 Waar was Jesus se siel tussen sterwe en opstanding?** ..... 30
Verskillende antwoorde ..... 30
Wat leer die Calvinistiese kerke? ..... 31

**9 Is daar na die dood nog kans om gered te word?** ..... 34
Wie stel die vraag? ..... 34

**10 Die wederkoms van Christus** ..... 38
Hoedanig sal die wederkoms wees? ..... 38
Wanneer sal die wederkoms plaasvind? ..... 39
Die gevolge van die wederkoms ..... 40
Die wederkoms roep ons op ..... 41

**11 Die opstanding** ..... 42
Wie ontken die opstanding? ..... 42
Wat leer die kerk? ..... 43
Hoe sal die opstanding plaasvind? ..... 43
Hoe sal die opstandingsliggaam lyk? ..... 44

**12 'n Tweërlei opstanding** ..... 47

**13 Die duisendjarige vrederyk** ..... 51
'n Aardse ryk ..... 51
Bybelse uitsprake ..... 52
Wanneer vind die binding plaas? ..... 53
Die getal duisend ..... 55

**14 Die oordeel** ..... 56
Wanneer sal die oordeel plaasvind? ..... 57
Hoe lank sal die oordeel duur? ..... 57
Waaroor gaan die oordeel? ..... 59

**15 Die hel** ..... 61
Is daar werklik 'n hel? ..... 61
Waar is die hel? ..... 62
Hoe lank sal die straf duur? ..... 62
Hoe word die hel geteken? ..... 63
Die vreeslikheid van die hel ..... 64
Dit kon anders gewees het ..... 64

**16 Die hemel** ..... 66
Wat beteken die woord hemel? ..... 66
Is die hemel 'n plek of 'n toestand? ..... 67
Waar is die hemel? ..... 67
In die hemel is geen passiwiteit nie ..... 68
Die ewige teenwoordigheid van Christus ..... 69
Geen nuwe skepping nie ..... 69

KITAL

# 1

# Die sterflikheid van die mens

Wat is daar anderkant die dood? Is daar lewe vir die mens nadat hy gesterwe het, of is hy dood soos 'n dier dood is? Wat weet ons van ons ontslape dierbares? Wat weet ons van die toekoms wat ons tegemoet lewe? Spreek die dood die laaste woord oor 'n mens of nie? Daar kan nog baie sulke vrae gestel word, en al die vrae is belangrik. Die antwoorde is egter nog belangriker. En op hierdie belangrike vrae het die mense deur die eeue heen al verskillende antwoorde gegee:

Daar is dié wat sê dat wanneer die mens sterwe hy dood is, soos die dier dood is. Volgens hulle spreek die dood die laaste woord oor die mens. As die dood ingetree het, is dit vir ewig verby met die mens. Ons stem nie met hulle saam nie.

Daar is dié wat sê dat, wanneer die dood intree, die liggaam in die graf weggelê word waar dit in die grond opgelos word terwyl die siel in die lug opgelos word. So bly dit tot op die opstandingsdag. Dan word dié wat die saligheid beërwe weer gematerialiseer en die goddeloses word net nie weer gematerialiseer nie. Die verlorenheid bestaan vir hulle dan daarin dat die goddelose nie weer sal lewe nie. Ons verskil ook van hulle.

Daar is dié wat leer dat 'n mens by die sterwe in 'n diepe bewusteloosheid wegsink. Die ontslapene slaap, en eendag by die opstanding word hy net weer wakker gemaak. Ons verskil ook van hierdie standpunt.

Onder die baie antwoorde vind ons ook die antwoord van die Bybel.

**Wat leer die Bybel?**

Ons noem net 'n paar tekste:

Psalm 89:49: "Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie, wat sy siel sal kan red uit die mag van die doderyk?"

Prediker 3:2: "(Daar is) 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterwe..."

Prediker 3:19: "Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere; hulle het een en dieselfde lot; soos die een sterwe, so sterwe die ander..."

Prediker 12:5: "Want die mens gaan na sy ewige huis, en die rouklaers sal op die straat rondgaan."

Prediker 12:7: "En die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het."

Johannes 11:14: "Lasarus is dood."

Hebreërs 9:27: "... die mens bestem is om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel."

Die Bybel leer dus uitdruklik dat die mens sterflik is. Die eerste vermelding van sterflikheid en dood vind ons in Genesis 2:17: "... want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." (D i van die vrugte van die boom van kennis van goed en kwaad). Die mens het sy wil teen God se wil gestel en van die vrugte gepluk en geëet en die gevolg is dat die vonnis gevel word. In Genesis 3:19 lees ons: "... want stof is jy en tot stof sal jy terugkeer." Nou weet ons dat die vonnis nie dadelik na die sondeval voltrek is nie. Adam en Eva het nog baie jare na die sondeval gelewe, maar die uiteinde was die dood. Deur die misdaad van Adam het die dood tot alle mense deurgedring.

Die Bybel leer nog meer. Dit leer dat die lewe op aarde baie kort is. As die Bybel ons aandag op die kortstondigheid van die menslike lewe op aarde wil vestig, maak hy van 'n aantal beelde gebruik.

Psalm 39:6: "Kyk, U het my dae 'n paar handbreedtes gemaak, en my leeftyd is soos niks voor U nie; ja, as pure nietigheid staan elke mens daar."

Psalm 90:10: "Die dae van ons jare – daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar; en die uitnemendste daarvan is moeite en verdriet; want gou gaan dit verby, en ons vlieg daarheen." In dieselfde Psalm word gesê dat ons ons jare soos 'n gedagte deurbring. In 2 Korintiërs 5:1 vergelyk Paulus die lewe op aarde met 'n tentwoning. Vandag word dit opgeslaan en môre word dit afgebreek.

Dit is ook die ondervinding van Job: "Ons is van gister en weet niks, omdat ons dae 'n skaduwee op die aarde is." Hiermee stem die Psalmdigter saam: "Die mens is soos die nietigheid; sy dae is soos 'n vlugtige skaduwee." Die uitdrukking dat die mens soos die gras van

die veld is wat verdor en soos die blom wat verwelk, kom ook in die Bybel voor.

Die Bybel leer nog meer. Dit leer dat die dood dikwels skielik en onverwags kom. In 1 Samuel 20:3 word geleer dat die dood maar net één tree agter die spelende kind, die jongman op die sportgronde, die koning op die troon en die grysaard in die ouetehuis is. Gaan jy vinniger, dan volg hy vinniger; gaan jy staan, dan gaan hy ook staan; klim jy in die bed, klim hy saam met jou in. Eendag gaan hy jou inhaal. Al is jy so sterk soos 'n bees, so rats soos die wildsbokkie wat draf oor die veld, so gesond soos 'n vis in die water, die dood raak nooit meer as een tree agter jou nie.

Al hierdie dinge maak dit dringend noodsaaklik dat ons op 'n nugter en verantwoordelike wyse met mekaar sal praat oor die dood en daarna. Dit is nodig dat ons mekaar daaraan sal herinner dat die beker van genietinge nie altyd in ons hand sal wees nie. Gelukkig kan ons mekaar ook verseker dat die lyding en beproewing nie altyd sal duur nie. Die dag kom wanneer die reiskleed afgeneem sal word. Vir die gelowige sal die martelaarskleed vervang word met 'n oorwinningskleed.

Die feit dat die dood so naby ons is en die verlange om ewig met Christus te wees, moet vir ons die drang wees om sonder uitstel die dinge te bedink wat tot ons ewige vrede dien. Wie sonder Christus die ewigheid wil ingaan, sal sy oë in die verderf oopmaak. Wie in Christus glo en in Christus sterwe, kan soos Paulus sê: "Vir my is die sterwe wins."

# 2

# Wat gebeur wanneer die mens sterwe?

In 1 Samuel 20:3 lees ons die veelseggende woord van Dawid aan Jonathan: "... daar is maar net één tree tussen my en die dood". Dit is waar van elke mens. Die Bybel leer dit baie duidelik en die ervaring bevestig dit. Elke dag hoor ons van noodlottige ongelukke en sien ons lykstoete na die kerkhowe beweeg. Prof dr Jac J Muller stel dit goed in *Die lewe na die dood* (p 2 en 3): "Te midde van die lewe is ons ook almal naby die dood. Met die dood is geen verbond of ooreenkoms of wapenstilstand aan te gaan nie. Ons aanskou elke dag die dood om ons met sy droewige tonele: die gebroke stemme van die treurendes en die rouklaers (Pred 12:5), die wenende oë van die agtergeblewenes, die swart klere van dié wat in rou is, die vars grafte in die steeds groeiende kerkhof. Uit alle range en stande en ouderdomme val telkens die slagoffers van die dood. Uit die kring van ons dierbares, aan ons sy, selfs uit ons arms, ruk die dood die een na die ander weg."

Maar, wat is die dood? Wat gebeur as die mens sterwe? Op hierdie vraag het die mense van alle tye 'n antwoord gesoek en gegee. Daar was in die verlede die wat gesê het dat om te sterwe is om vernietig te word. In die boek *Die Waarheid wat lei tot die ewige lewe* (p 34), leer die Getuies van Jehova: "Die dood is eintlik net die teenoorgestelde van die lewe. Toe Hy die vonnis oor die eerste mens Adam vir sy moedswillige ongehoorsaamheid gevel het, het God gesê: 'Jy (sal) terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer' (Gen 3:19). Dink nou aan: Waar was Adam voordat God hom uit die stof geformeer en aan hom die lewe gegee het? Hy het immers eenvoudig net nie bestaan nie. Met sy dood het Adam tot dieselfde lewelose, onbewuste toestand teruggekeer. Hy het nie na 'n brandende hel en ook nie na hemelse saligheid gegaan nie, maar gesterwe – soos God vir hom gesê het – Genesis 2:17.

Die Bybel leer duidelik dat die dode onbewus en leweloos in die graf is."

En wat gebeur met die siel? Volgens Jehova se Getuies het die mens nie 'n siel nie, maar is hy 'n siel ... "Aangesien die mensesiel die mens self is, kan dit nie iets skimagtigs wees wat maar net by die

liggaam inwoon of afsonderlik van die persoon kan bestaan nie." Volgens hulle is die mensesiel die persoon self en wanneer die persoon sterf, sterf die mensesiel ... Die Bybel verklaar baie duidelik dat die siel aan die dood onderhewig is. Een van hulle het gesê, dat die liggaam opgelos word in die aarde en die siel in die lug. Die dood beteken vir hulle om nie meer te bestaan nie.

Ons stem nie met hulle saam nie. Prof dr J H Bavinck sê tereg dat die dood in die Skrif nooit met vernietiging, met "nie-wees", identies is nie.

Die Sewendedagse Adventiste stel die vraag: "Wat is die dood dan?" Daarop antwoord hulle in *Die Bybel Spreek* (p 559): "Die Bybelse antwoord is eenvoudig en duidelik: dit is die teenoorgestelde van die lewe. Die mens keer terug na wat hy was voordat God die 'asem van die lewe' in sy neus ingeblaas het. Die dood is onttrekking aan die lewe en alles in verband daarmee. Lewe veronderstel bewussyn en die vermoë om te kan dink, maar in die dood is daar geen van beide nie. Die lewe stel bedrywighede voor. Die dood beteken die einde van alle werk. In die dood is alle verbinding met die lewe verbreek ... die dode slaap ... Die dode is heeltemal aan die slaap, en hulle dink aan niks nie, hulle lê daar sonder om die dae of jare te tel, maar wanneer hulle opgewek word, sal dit vir hulle skyn asof (hulle) skaars 'n oomblik geslaap het." Hierop antwoord ons dat die Bybel nêrens met een enkele woord sê dat die siel van die afgestorwene in die graf slaap nie. Die dood beteken *nie* dat die siel saam met die liggaam in 'n bewustelose, eeuelange slaap wegsink tot die opstandingsdag nie.

Die Bybel gee ook 'n antwoord op die vraag: Wat gebeur as die mens sterwe?

Deuteronomium 32:50: "... en sterwe op die berg waarheen jy opklim, en word versamel by jou volksgenote."

Prediker 12:5: "... want die mens gaan na sy ewige huis."

Prediker 12:7: "... en die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het."

Handelinge 7:60: "Met hierdie woorde het hy gesterwe."

Johannes 19:30: "Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas."

2 Korintiërs 5:1: "Want ons weet dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou het van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele."

2 Korintiërs 5:8: "Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon."
2 Timoteus 4:6: "Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet en die tyd van my heengaan is naby."

Na aanleiding van die bogenoemde uitsprake kan ons sê dat die Bybel die dood teken as 'n skeiding, as 'n afgebreek word, as 'n heengaan, as 'n ontbind word. Die dood is die skeiding van die twee elemente waaruit die mens bestaan, naamlik liggaam en siel of gees. Die dood is dus niks minder nie as die losmaking van die twee elemente van mekaar, sodat elkeen na sy bestemming kan gaan. Tereg sê prof dr Jac J Muller in *Die lewe na die dood* (p 4): "Die dood is dus nie die vernietiging van die mens asof hy daarmee ook nou ophou om te bestaan nie; maar dit is die skeiding tussen die onsterflike gees of siel en die sterflike liggaam wat intree. Die mens bestaan immers uit daardie twee bestanddele (vgl die skeppingsverhaal Gen 2:7) en is daardeur op twee wêrelde, die onsigbare en die sigbare wêreld, aangelê. Die siel woon nie net in die liggaam nie, maar is ook op die allernuutste wyse met hom verenig, sodat die dood niks minder as 'n uiteenskeur en geweldige losrukking van siel en liggaam is, want die twee het in die mens tot 'n eenheid geword. Daarom is daar altyd in 'n meerdere of mindere mate 'n doodstryd of worsteling in die sterfuur, waar hierdie lewenseenheid weer verbreek word en die twee bestanddele uiteengeskeur en geskei word. Vandaar die menslike angs en vrees vir die dood."

In Paulus se tyd was daar blykbaar al mense wat allerlei antwoorde op die vraag: wat gebeur as die mens sterwe? gegee het, en daarom het hy dit nodig gevind om in 1 Tessalonisense 4:13,14 te sê: "Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie." En dan gee Paulus in 2 Korintiërs 5:1 die kragtige versekering dat as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n huis van God het, ewig, in die hemele. En as Paulus dink aan wat daar anderkant die dood vir die gelowige wag, sê hy, dat hy vurig verlang om heen te gaan, want dit is daar verreweg die beste. Vir hom, sê hy, is die sterwe wins. Vir Paulus staan dit vas dat die sterwe die skeiding van daardie twee elemente is waaruit die mens bestaan. As die skeiding plaasgevind het, gaan die liggaam van elke mens na die aarde terug, terwyl die siel van die gelowige heengaan om "altyd by

die Here te wees" en die siel van die ongelowige na die plek van die pyniging gaan.

En wat leer Christus in hierdie verband? In Lukas 16:19-31 leer Christus baie duidelik dat die twee elemente waaruit die mens bestaan, naamlik liggaam en siel of gees, by die dood geskei word. Toe die ryk man gesterwe het, is sy liggaam begrawe, maar sy siel het na die plek van pyniging gegaan, terwyl Lasarus se liggaam na die sterwe ook begrawe is, maar sý siel na die boesem van Abraham gegaan het. Ons kan nie sê dat ons hier maar net 'n gelykenis het en dat ons daaruit nie te veel gevolgtrekkings kan maak nie. Jesus het hierdie voorstelling volkome bevestig aan die Kruis toe Hy aan die boetvaardige kwaaddoener gesê het: "Ek verseker jou vandag sal jy saam met My in die Paradys wees." Jesus het nooit 'n leuen gebruik om 'n waarheid te verduidelik nie. En as hierdie uitspraak van Jesus ons nog nie oortuig nie, sal die uitspraak van Jesus in Lukas 20:38, dit seker doen. Daar noem Jesus God die God van Abraham, en die God van Isak en die God van Jakob. "Hy is tog nie 'n God van dooies nie, maar van die lewendes." Hier praat Jesus in die teenwoordige tyd, dit wil sê, Hy sê nie dat God eeue gelede die God van Abraham, Isak en Jakob was toe hulle gelewe het nie, maar dat Hy dit nou nog is, eeue nadat hulle ontslaap het. As Abraham, Isak en Jakob by die sterwe vernietig is, of as hulle in 'n diepe, bewustelose doodslaap weggesink het, kon Jesus dit nie gesê het nie. Eeue gelede het hulle gesterwe, is hulle liggame begrawe, maar die siele het voortgelewe. Hier is geen sprake van vernietiging of 'n eeuelange, bewustelose sieleslaap nie.

Omdat die kerk glo dat siel en liggaam by die dood van mekaar geskei word, die liggaam begrawe word en die siel na sy bestemming gaan, spreek die kerk dit in vraag 57 van die Heidelbergse Kategismus as sy oortuiging uit, dat die "siel na hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof opgeneem sal word." Ds Veldkamp sê in *Zondagskinderen* (p 309): "Sodra ek my oë vir altyd sluit, en my siel van die liggaam afskeid neem, gaan dit (siel) na die hemel."

By die sterwe word siel en liggaam van mekaar geskei – die liggaam gaan na die aarde terug en die siel na sy bestemming. Die siel van die goddelose gaan na die plek van die rampsaligheid, terwyl die siel van die gelowige na die heerlikheid gaan. Ons verhouding tot Christus bepaal of die siel na die heerlikheid of die rampsaligheid gaan.

# 3

# Die dood kom in verskillende vorms na die mens

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat die mens by die sterwe nie vernietig word of in 'n eeuelange, diepe bewusteloosheid wegsink nie, maar dat siel en liggaam van mekaar geskei word, sodat elke element na sy voorlopige bestemming gaan.

Die vraag wat nou na vore kom is: was die mens dan so sterflik en verganklik toe hy uit die hand van God gekom het?

In die Bybel lees ons dat God die mens goed en na sy ewebeeld gemaak het. Toe die mens uit die hand van God gekom het, kon hy God ken soos God geken wil wees; kon hy God liefhê met sy hele hart, hele siel, hele verstand en met al sy kragte en kon hy 'n afgesonderde lewe leef, 'n lewe wat volkome aan God toegewy is. Daarom lees ons ook dat toe God na die mens gekyk het, Hy gesê het dat die mens goed is. En as God iets goed noem, dan is hy sonder enige fout, sonder enige tekortkoming. Daardie mens het die heerlike taak gehad om in gehoorsaamheid aan God te lewe; Hom te loof, te prys en te aanbid en so die ewige lewe tegemoet te lewe. Dr R A E Sillevis Smit sê in *Handboek voor de Heilige Geschiedenis* (p 14): "Sy sondeloosheid moes word tot 'n nie kon sondig nie; sy onsterflikheid tot 'n nie kan sterwe nie; die wêreld rondom hom, nou nog in die moontlikheid om deur hom onder die vloek gebring te word, tot 'n onverderflike wêreld." Die mens was werklik die pronkstuk en sieraad van die skepping.

Toe het die sondeval gekom. Die mens het aan God ongehoorsaam geword. Hy het sý wil teen God se wil gestel. Hiermee het hy verkies om voortaan in verset teen God te leef, en die gevolg was dat God die vonnis van Genesis 3:3 in werking gestel het. Die gevolg van die val was nie net dat sy natuur verdorwe geraak het nie; dat hy vyand van God geword het nie; dat hy uit die Paradys verdryf is nie; dat die vrou met smart haar kinders in die wêreld sal bring nie; dat die man in die sweet van sy aangesig sy brood sal eet nie; dat die aarde om sy ontwil vervloek is nie, maar ook dat hy aan die dood onderworpe geword het.

Daar is dus 'n baie nou verband tussen die sonde en die dood. As die mens in die Paradys staande gebly het, sou hy onsterflik voortbestaan het. As die mens nie in sonde geval het nie, sou daar ook nie so iets as ellende, siekte, lyding, trane en dood op die aarde gewees het nie. Paulus leer mos in Romeine 5:12 dat net soos die sonde deur een mens in die wêreld gekom het, net so het die dood deur die sonde in die wêreld gekom. Gedurende hierdie hele bedeling sal die sonde en die dood bly. In die volgende bedeling sal daar geen sonde wees nie en daarom ook geen dood nie. In die hemel is daar nie so iets soos ellende, siekte, lyding en dood nie, want daar kan die sonde nie inkom nie.

Die Bybel leer ook dat die dood die straf op die sonde is.

Genesis 2:17: "... want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe."

Romeine 6:23: "Want die loon van die sonde is die dood."

Jakobus 1:15: "... en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort."

Die dood is die straf op die sonde.

Maar waarom so 'n vreeslike straf? Kon God daardie eerste ongehoorsaamheid nie maar oorgesien het, of kon God daardie eerste misdaad nie maar met 'n ander, ligter straf gestraf het nie? Was daardie eerste oortreding dan so 'n groot oortreding?

Nee, God kon nie één van die twee gedoen het nie, want die oortreding in die Paradys was die grootste misdaad. Deur so te doen, het die mens die hoogste, die hemelse, die Goddelike reg geskend; God se liefde vertrap en Sy Vaderhart beledig. Die grootste misdaad vra die grootste en swaarste straf. Nog meer: God se waarheid was op die spel. As God in die Paradys gemaak het asof die ongehoorsaamheid van Adam en Eva nie so erg was nie, of as God dit maar oor die hoof gesien het, of met 'n ander straf gestraf het, dan was Sy eer en waarheid daarmee heen; dan sou die mens ook nie geweet het wanneer hy God op Sy woord moet neem en wanneer nie, maar nou weet die mens dat God altyd woord hou; dat Hy ook elke dreigement waar sal maak, maar ook dat Hy elke belofte sal vervul. Wat Hy sê, doen Hy.

**Hoe kom die dood na die mens?**

Die Bybel leer dat die dood in drie vorms na die mens kom.

*Die geestelike dood*

Hierdie dood beteken dat daar skeiding tussen die mens en God kom, dit wil sê, die goeie verhouding tussen die mens en God word versteur. In die plek van die liefdesverhouding kom daar 'n oorlogsverhouding. Dit gebeur wanneer die mens teen God kant kies, sy wil teen God se wil stel. Dan word die mens, wat die vriend en kind van God moet wees, die vyand van God. Van hierdie geestelike dood praat Paulus in:

Efesiërs 2:1: "En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes".

Efesiërs 5:14: "Daarom sê Hy (die Here): Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn."

*Die liggaamlike dood of tydelike dood*

Hierdie dood tree in wanneer die liggaam en siel van mekaar geskei word, sodat elke element na sy voorlopige bestemming kan gaan;

Genesis 3:17: "Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer."

Prediker 12:7: "En die stof sal na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het."

*Die ewige dood of die tweede dood*

Dit sien op die ewige skeiding tussen God en die mens. Hier gaan die gelowige na siel en liggaam die ewige heerlikheid in om tot in alle ewigheid saam met Abraham, Isak en Jakob en al die profete en al die gelowiges aan die feesmaal van die Here aan te sit, terwyl die ongelowige na siel en liggaam vir ewig na die plek van pyniging gaan wat vir die duiwel en sy engele berei is. Hulle sal in ewige godverlatenheid bly.

Openbaring 2:11: "Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."

Openbaring 20:6: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie."

Matteus 10:28: "Moenie bang wees vir die wat die liggaam doodmaak maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan."

Pragtig stel prof dr Jac J Muller dit in *Die Lewe na die Dood* (p 7):

"Hierdie laaste 'tweede dood' of ewige skeiding tussen God en mens, is die voleindigde straf op die sonde. Teenoor die 'ewige lewe' staan die ewige geestelike dood. Daarom: wie net een maal gebore is (net uit die vlees, maar sonder wedergeboorte), sal twee maal sterwe; maar wie twee maal gebore is, sal net een maal sterwe (en sal die tweede dood nie ken nie)."

Wat 'n genade is dit nie dat God onmiddellik nadat die vonnis in werking gestel is, die mens gaan opsoek het, nie om hom te vervloek of weg te jaag nie, maar om 'n Verlosser aan hom aan te bied wat die dodelik-kranke mens en wêreld langs onnaspeurlike weë tog tot glorie bring. Hy het Sy Seun gegee om die skuld van die mens van hom af te wend; om die straf waaronder die mens vir ewig moes versink het, op Hom te neem; om die vredesverhouding tussen God en mens te herstel; om die vyand weer tot kind te maak; om die ter dood veroordeelde in vryheid te stel. En so is die veroordelende Regter tegelyk die genadige, verlossende Vader.

# 4

# Die dood is die vyand van God en die mens

In die vorige hoofstuk het ons gesien dat die dood die loon van die sonde is. Omdat ons almal sondaars is, moet ons almal op een of ander tyd sterwe.

Nou is die vraag: hoe kom die dood na die mens? In 1 Korintiërs 15:26 leer Paulus dat die dood die laaste vyand is wat vernietig moet word. Die dood is eerstens die vyand van die mens. Hy slaan oral toe en maak die mens sy slagoffer. Hierdie vyand moet gedood word sodat hy geen nuwe slagoffers meer kan maak nie.

Op Golgota het Jesus Christus die dood reeds doodgemaak, maar dit is nog nie ten volle sigbaar nie. By die opstanding op die jongste dag, sal dit ten volle sigbaar word.

Tweedens is die dood die vyand van God. Die dood se heerskappy is 'n aanslag op die heerlikheid van God en hierdie vyand moet vernietig word, sodat die glorie van God op alle gebiede en te alle tye glorieryk kan skitter.

*Van hierdie laaste vyand van die mens kan ons 'n paar dinge sê:*

Hy kom ongehoord en ongevraagd. Hy vra nie of die mens gereed is nie. Hy vra ook nie of die mens alles gedoen het wat hy graag wou doen nie. Hy vra ook nie of jou afhanklikes sonder jou kan klaarkom nie. Hy is ongevoelig vir trane en begeertes.

Hy het 'n sleutel wat op elke deur pas en hy het 'n kaart wat hom die pad na elke huis wys.

Hy kom sonder om altyd vooraf kennis te gee. Stil en sag volg hy sy slagoffer. Niemand sien hom nie. Niemand hoor hom nie. Geruisloos volg hy sy slagoffer. Dawid het gesê dat hy maar net een tree agter elke mens is. Gaan jy stadiger, gaan hy stadiger. Hardloop jy, dan hardloop hy ook. Gaan jy staan, gaan hy ook staan. Klim jy in die bed, dan klim hy saam met jou in.

Hy is totaal ongevoelig. Hy ontsien geen jeugdigheid nie. Hy steur

hom aan geen trane nie. Hy is blind vir die smart van 'n jong eggenote en kindertjies rondom die graf van 'n eggenoot en vader. Vir hom maak dit nie saak of sy slagoffer 'n liefdevolle moeder of 'n sorgsame vader is, of die enigste kind is nie. Dus, al is die dood deur Jesus Christus op Golgota oorweldig, bly hy tussen Golgota en opstanding nog 'n gevreesde mag. Die dood staan as't ware met 'n grynslag op die gesig wanneer 'n dierbare begrawe word.

Hy is baie sterk. As hy toeslaan, kan geen aardse mag hom stuit nie. *Goliat*, die reus, moes val toe hy toeslaan. Die magtigste koning van die wêreld kan nie voor sy aanslag staande bly nie. Die rykste man van die wêreld se geld kan hom nie red as die dood sy arms uitsteek nie. Die vroomste mens, ja selfs Abraham en Paulus, het een maal magteloos aan sy voete inmekaar gesak.

Teen hierdie magtige vyand staan die mens magteloos. Alleen God kan hom stuit, omdat God Almagtig is. As God nader kom, moet hy vlug. Ons sien dit op pad na die kerkhof van Nain, waar Jesus die gestorwe seun van die weduwee opgewek het (Luk 7:11-17); by die opwekking van die dogtertjie van Jaïrus (Mark 5:21-47) en by die graf van Lasarus (Joh 11:1-45). Hy kan sy slagoffer net behou as die Here dit toelaat.

*Kan die dood 'n mens onvoorbereid oorval?*

Ja ... die dood het al baie mense onvoorbereid oorval. Dit gebeur omdat hy soms so onverwags toeslaan, of omdat baie mense nie graag aan die dood dink nie. Die doodsgedagtes is vir baie afskuwelike gedagtes en daarom weier hulle om daaraan te dink of daaroor te praat.

*Daar is die kind.* Hy is jonk en lewenslustig. Hy wil lag, vrolik wees en speel. Die dood is vir hom 'n aaklige iets. Hy wil nie nou daaraan aandag gee nie, later miskien wel. Hoeveel van hulle is nie al onvoorbereid oorval nie.

*Daar is die jongman.* Hy dink en praat oor sy werk; oor die stygende lewenskostes; oor sy toekomsplanne; oor studie en salarisse. Hy maak noukeurig voorbereiding vir die vakansie en sy oorsese reis. Alles moet tot in die fynste besonderhede beplan wees – maar aan die dood dink hy nie.

*Daar is die middeljarige.* Hy maak deeglike voorsiening vir die oudag. As hy aftree, wil hy graag onbekommerd lewe; wil hy sy

laaste lewensjare geniet ... maar aan die dood dink hy nie.

*Daar is die bejaarde mense.* Hulle dink aan die dood. Hulle stel 'n goeie testament op, neem 'n begrafnispolis uit, koop en betaal die graf en maak selfs voorsiening vir die opmaak van die grafte. Vir die liggaam en die besittings het hulle alles gereël, maar vir die siel? Daaroor bekommer baie hulle nie. Daarvoor maak hulle geen voorsiening nie. Dit lyk asof hulle dink dat die dood die laaste woord oor die mens spreek. Dit lyk asof hulle dink dat wanneer die dood ingetree het, alles met die mens verby is. Hulle dink aan geen lewe anderkant die dood en die graf nie. Wat 'n dwaas is daardie mens nie! Dit lyk asof hy geen notisie neem van die woorde van Paulus in 2 Korintiërs 5:10 nie: "Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is, of kwaad."

Net soos die mens vir jou liggaam sorg, moet jy ook vir jou siel sorg. As jy vir die liggaam nie sorg nie, ly hy honger, word hy maer, teer hy uit en uiteindelik sterf hy. Dieselfde gebeur met die siel as jy nie vir hom sorg nie. Hy ly honger, word maer, teer uit en uiteindelik sterf die siel. Daardie mens het dan 'n wandelende lyk geword. Die onversorgde siel gaan die ewigheid in die smarte van die verlorenheid deurbring.

*Ons moet vir ons siel sorg*

Daarvoor kan verskillende redes aangevoer word:

Ons weet dat die dood maar net een tree agter elkeen van ons is en daardie een tree kan elke oomblik ingehaal word.

Ons weet nie watter uur die dood gaan toeslaan nie.

Ons moet elke dag gereed wees. Ons moet die dood as't ware elke dag inwag.

Wat baat dit as ek die rykste man op die aarde is, die magtigste of slimste, maar ek sit gevange in die greep van die sonde? Wat baat dit as die grootste militêre of die luisterrykste staatsbegrafnis vir my gereël word of die skoonste lofredes op die begrafnis uitgespreek word, maar die siel is op daardie oomblik reeds in die plek van die pyniging? Ons glo mos dat die siel *onmiddellik* na die sterwe na sy bestemming gaan.

Elke mens behoort elke dag erns te maak met die woord van Jesus in Lukas 12:20, 21: Daar word vertel van 'n man wat net 'n oog gehad

het vir weelde en eer en dan sê Jesus van hom: "Jou dwaas, vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word en wie kry alles wat jy bymekaar gemaak het?" Jesus noem die mens wat hom in hierdie lewe net druk maak oor geld en eer maar in God arm is, 'n dwaas, 'n gek. In Matteus 25:1-13 word vertel van die vyf verstandige en vyf dwase meisies. Die vyf word verstandig genoem, omdat hulle voorsorg gemaak het vir die olie in hul lampe toe hulle die bruidegom tegemoet gegaan het en die ander vyf word dwaas genoem, omdat hulle geen voorsorg gemaak het vir olie nie. Jesus noem 'n mens 'n dwaas, 'n gek as hy nie voorsorg maak vir olie in die lamp nie ... en die olie in die lamp wys hier na die geloof in die hart. 'n Siel sonder geloof is by die dood soos 'n lamp sonder olie in die nag.

*Ons moet elke dag goed voorbereid wees vir die dood*

Om elke dag goed voorbereid vir die dood te wees, is absoluut noodsaaklik, want:

Genesis 27:2: "... ek weet die dag van my dood nie."

1 Samuel 20:3: "... daar is maar net een tree tussen my en die dood."

Die gemeente sing in Psalm 89:17:

"Gedenk, o Heer, hoe swak ek is: hoe kort van duur, hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur".

Elke dag kan ons laaste dag op die aarde wees. 'n Mens moet elke oomblik gereed wees om die tydelike met die ewige te verwissel.

*Die beste voorbereiding*

Die beste voorbereiding vir 'n salige sterwe is:

'n onvoorwaardelike oorgawe aan die Here Jesus Christus;

'n lewe in geloofsgehoorsaamheid aan Hom;

die navolging van Jesus met 'n hart wat vol dankbaarheid en aanbidding is; en

'n lewe, hoog, rein, edel en naby God.

Wie dit in die geloof in Christus doen, hoef nie te vrees vir die dood nie. Hy kan elke dag vir homself sê soos Asaf gesê het in Psalm 73:24: "U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem." By die aand van sy lewe het Paulus uitgeroep: "Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop volein-

dig; ek het die geloof behou. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het." (2 Tim 4: 7 en 8) Sterwend kan die gelowige saam met Stefanus uitroep: "Here Jesus, ontvang my gees!" (Hand 7:59).

# 5
# Die tussentoestand

As die dood intree, word siel en liggaam van mekaar geskei, en gaan elkeen na sy voorlopige bestemming. Die liggaam gaan na die aarde waaruit dit geneem is en die siel? Wat word van die siel nadat die dood ingetree het? Lewe die siel bewus voort en as hy bewus voortlewe, wat ondervind hy gedurende daardie tyd?

*Sekere afwysings*

By die sterwe word siel en liggaam nie vernietig nie. Dit leer die Bybel baie duidelik in tekste soos:

Matteus 17:1-4: Hier word vertel dat die reeds afgestorwe Moses en Elia aan Jesus op die berg van verheerliking verskyn het. Hulle liggame het in die aarde gelê, maar die siele het êrens gelewe.

Lukas 23:43: Hier sê Jesus aan die boetvaardige kwaaddoener: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees."

Lukas 16:22-24: Hier het ons die gelykenis van die ryk man en Lasarus. Albei het gesterwe: albei se liggame is begrawe en albei se siele het êrens heen gegaan. Van Lasarus lees ons dat hy "deur die engele weggedra (is) na die boesem van Abraham" terwyl die ryk man sy oë in die doderyk oopgemaak het, waar hy in smarte was.

1 Korintiërs 5:8: Hier sê Paulus: "Ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon."

Dit is duidelik dat die siel tussen sterwe en opstanding bewustelik voortleef en êrens vertoef.

Die siel verkeer tussen sterwe en opstanding ook nie in 'n diepe slaap nie. Die Bybel verwerp hierdie teorie ook.

Deuteronomium 31:16: Hier sê die Here aan Moses: "Kyk, jy ontslaap met jou vaders." Nou leer Jesus dat Moses se siel nie in 'n eeuelange bewustelose slaap in die graf vertoef het nie (Matt 17:1-4). Dit beteken dat Moses se siel nog altyd êrens bewustelik voortgeleef het.

Johannes 11:11: Hier staan: "Ons vriend Lasarus slaap". Hier vergelyk Jesus die dood met die slaap. Tereg sê dr E L Smelik in *Het*

*Evangelie naar Johannes* (p 195): "Dit is die groot geheim van Christus dat Hy die dood sien as 'n slaap. As 'n mens slaap, is hy van die wêreld afgesny. Daar is tussen hom en die omgewing as't ware 'n muur. Die bewussyn is vir die omgewing afgesluit. Maar ons kan die mure van buite af, om dit so te sê, elke oomblik breek. Dit is die gevoel wat ons kry wanneer ons by 'n slapende kom. Daar sit iets moeiliks in om 'n slapende wakker te maak, iets steurends, veral by 'n kind. Daar sit iets oneerbiedigs in. Ons versteur die innerlike lewe wat in die slaap voortgaan. Kuyper het gesê dat God in die slaap die skip van ons siel op die helling trek. Ons kan deur die muur van die slaap kom. As die gevaar kom, maak ons die slapende wakker. Maar as die deur van die dood toegeval het, kan ons nie daardeur kom nie. Die wonder is, dat Christus die deur van die dood oopmaak net soos ons die deur van die slaap oopmaak. Vir Hom is die weerstand by die gestorwene nie onoorkomelik nie."

Waar die Skrif die dood 'n slaap noem, word nie oor die siel as sodanig 'n uitspraak gemaak nie, maar oor die mens as 'n sigbare persoon met 'n stoflike liggaam (vgl prof dr Jac J Muller: *Die lewe na die dood* p 45).

By die sterwe vind daar ook nie 'n verhuising van die siel plaas nie. So leer die voorstanders van die reïnkarnasie-teorie. "Reïnkarnasie is die leer van die sielsverhuising ná die dood. Die mens se siel word hiervolgens telkens weer in 'n nuwe liggaam gebore en maak só in die loop van die eeue 'n hele kringloop van geboortes en lewens deur, en elke nuwe lewenstoestand wat die siel in 'n ander liggaam deurmaak, word bepaal deur die aard van sy vorige bestaan, of dit goed was of sleg. Dieselfde siel kan dus hiervolgens in verskillende liggame agtereenvolgens woon en so homself in verbeterde of verslegte toestand telkens weer beliggaam."

Oor hierdie teorie skryf prof dr Jac J Muller in *Die Lewe na die Dood* (p 40) dat dit 'n "deur en deur heidense leer en voorstelling is, wat direk indruis teen wat die Heilige Skrif ons leer aangaande die oorsprong en aard van die menslike siel, die persoonlike individualiteit en die eie verantwoordelikheid van die mens voor God. Die Christelike wêreld- en lewensbeskouing is met hierdie heidense gedagtes in 'n onversoenlike stryd."

Die siel gaan by die sterwe ook nie na die vagevuur nie. "Die Roomse kerk leer dat alle gelowiges (behalwe die martelaars, klein kindertjies wat gedoop is, en die volmaakte heiliges), na die dood in

die vagevuur kom, 'n tussenplek tussen die dood en die hemel, om daar vir 'n korter of langer tyd vir hulle sondes gestraf te word en deur vuur gelouter en gereinig te word van alle smette en die sonde, voordat hulle die hemel kan binnegaan." Ons wil beweer dat die Bybel niks weet van 'n vagevuur waar die siel gestraf word en waar smette uitgewis word nie. Christus het al ons sondes vir Sy rekening geneem. Hy het die volle losprys betaal. Vir ons het daar niks oorgebly om te doen nie, behalwe om Hom as Verlosser met albei die geloofshande vas te gryp. Sy offer op Golgota is 'n volkome offer en ons kan niks daarby bring nie. Christus het die boetvaardige kwaaddoener nie eers na die vagevuur of strafplek verwys vir reiniging voordat hy die Paradys ingegaan het nie. Aan hom het Jesus gesê: "Vandag sal jy met My in die Paradys wees." Christus se offer het al sy skuld weggeneem; al die aanklagtes teen hom uitgewis en alle sondesmette weggewas. Ook sy siel tel onder die skare wat vandag in heerlikheid sing: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in ewigheid." (Op 3:13)

Dit is dus duidelik dat die tussentoestand nie net wys op die toestand van die siel tussen sterwe en opstanding nie, maar ook op 'n plek waar daardie toestand beleef word.

# 6
# Die doderyk

Ons het die vorige hoofstuk afgesluit deur te sê dat die tussentoestand – tussen sterwe en opstanding – nie net op 'n toestand wys waarin die siel hom bevind nie, maar ook op 'n plek waar daardie toestand beleef word. Ons kan dus sê dat die tussentoestand die voorlopige bestemming, die verblyfplek van die siel tussen sterwe en opstanding is. Met die opstanding word die tussentoestand beëindig, want dan word siel en liggaam verenig en gaan die gelowige na siel en liggaam die ewige volmaakte heerlikheid in, terwyl die ongelowige na siel en liggaam die ewige rampsaligheid ingaan.

*Die woord doderyk*

Die woord doderyk kom dikwels in die Bybel voor. In die Ou Testament kom die woord byvoorbeeld voor in Genesis 37:35; Deuteronomium 32:22; Job 11:8; 14:13; Psalm 49:15; 139:8; Jesaja 7:11; 14:15-17; Hosea 13:14; Amos 9:2; Esegiël 32:21; ens. In die Nuwe Testament kry ons die woord in Matteus 11:23; 16:18; Lukas 10:15; 16:23; Handelinge 2:37, 31; 1 Korintiërs 15:55; Openbaring 1:18; 6:8; 20:13; 14.

*Waar is die doderyk?*

Die Hebreeuse woord wat ons met doderyk vertaal, is "sje-ol". Volgens die Bybelse Ensiklopedie van prof dr W H Gispen en ander, wat deur ds J H van Wyk en andere in Afrikaans vertaal is, het L Kohler in sy woordeboek gesê dat, die "sje-ol" as onder die aarde voorgestel word en dat dit die beste is om die woord met "onderwêreld" of "onwêreld" te vertaal. Prof dr A van Selms verklaar die woord "sje-ol" ook met onderwêreld as hy sê dat 2 Samuel 13:22 praat van 'n vereniging van 'n vader met sy vroeggestorwe kind in die onderwêreld.

Die Griekse woord wat ons met doderyk vertaal, is "hadés". Volgens die Griekse woordeboek van Walter Bauer wys "hadés" na die onderwêreld as versamelplek van die afgestorwenes.

KITAL

*Wat leer die Ou Testament oor die doderyk?*

In *Die Blye Boodskap* (p 384) vind ons die siening van die Ou Testament oor die doderyk baie goed weergegee. Daar word gesê dat die woord doderyk, gebruik word as aanduiding van die gebied en toestand waarin gestorwenes hulle bevind. "Dié voorstelling vorm deel van die wêreldbeeld van die oudheid, waarin die doderyk 'n gebied diep onder die aarde (Num 16:30) of die see (Job 38:16, 17) was. Daar voer die dooies 'n soort skaduweebestaan, sonder lig, sonder kontak met die mense wat nog lewe, sonder gemeenskap met God (Job 10:21, 22; Ps 88:6; 115:17); die tyd vir keuses en beslissings is dan onherroeplik verby: daarom kan die Here daar ook nie aanbid of geloof word nie (Ps 6:6). Soms word die doderyk ook voorgestel as 'n vesting met poorte (Jes 38:10; Matt 16:18) of as 'n verslindende, lewebedreigende mag (Spr 1:10; Jes 5:14). Die uitdrukking word dikwels gebruik as sinoniem vir 'graf' en 'dood' (Ps 18:6; 30:4; 49:15)."

*Wat leer die Nuwe Testament?*

Net soos die Ou Testament, leer ook die Nuwe Testament dat daar 'n verblyfplek is waar die siele van die afgestorwenes tussen sterwe en opstanding vertoef. Jesus leer dit veral baie duidelik in 'n gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk 16:19-31). Van die ryk man word gesê: "En toe hy in die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op en sien vir Abraham daar in die verte en vir Lasarus langs hom". Aan die boetvaardige kwaaddoener het Jesus gesê: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees". So praat die Nuwe Testament op baie plekke oor die bestaan van die doderyk.

Die Nuwe Testament sê egter meer as die Ou Testament. Die Nuwe Testament leer duidelik dat daar 'n tweërlei toestand en 'n tweërlei plek in die doderyk is. Lasarus se siel het na die boesem van Abraham gegaan, terwyl die siel van die ryk man na die plek van die pyniging gegaan het. Die boetvaardige kwaaddoener het na die Paradys gegaan, terwyl daar nie gesê word waarheen die siel van die onboetvaardige kwaaddoener gegaan het nie. Die twee het beslis nie in dieselfde plek gekom nie en wat die twee siele in die doderyk ondervind het, was beslis ook nie dieselfde nie. Die Nuwe Testament leer dus baie duidelik dat die siel wat in die boesem van Abraham of in die Paradys kom, geluk en heerlikheid geniet, terwyl dié een wat

in die plek van die pyniging kom, die ellende en bitterheid van die verlorenheid smaak.

*Waar was Jesus tussen sterwe en opstanding?*

Ons weet almal dat die Twaalf Artikels sê dat Jesus na die hel neergedaal het, maar ons weet ook dat die kerk in vraag 44 van die Heidelbergse Kategismus sê, dat hy met daardie artikel van die Geloofsbelydenis nie bedoel dat Jesus daardie drie dae tussen sy sterwe en opstanding letterlik in die hel was nie, dog alleen dat Christus aan die kruis die "onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse pyn" ondervind het wat die verlorene verewig in die hel sal ondervind.

Die Bybel of die Geloofsbelydenis leer nêrens dat Jesus daardie drie dae in die hel was nie. Aan die geredde kwaaddoener het Jesus gesê: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees." Tussen sterwe en opstanding was Jesus en die kwaaddoener in dieselfde plek. Nou weet ons dat die geredde kwaaddoener na die Paradys gegaan het. Ons weet ook dat die Paradys die ander naam is vir die plek of toestand waar die siele van die gesaligdes in heerlikheid woon.

*Ons gevolgtrekking*

Oor die doderyk en wat daar ondervind word, kan ons nou 'n paar dinge sê:

Die siele van die afgestorwenes leef tussen sterwe en opstanding bewus in die doderyk voort (Jes 14 en Luk 16:19-31).

Die doderyk het twee afdelings, nl die plek waar die siele van die afgestorwe gelowiges kom, die boesem van Abraham of die Paradys, en die plek waar die siele van die afgestorwe ongelowiges kom, nl die plek van die pyniging.

In die twee afdelings word verskillende dinge ondervind. Aan die boesem van Abraham of in die Paradys ondervind die siele van die gelowiges die volle geluk en heerlikheid, terwyl die siele wat in die plek van die pyniging kom, die volle ellende, bitterheid en smarte van die verlorenheid ondervind.

Die verblyf in die doderyk is tydelik. Daar bly die siele net tot met die wederkoms van Christus. Dan verlaat hulle die doderyk om met

die opgestane liggame verenig te word vir die oordeel.

Die heerlikheid of bitterheid en smarte wat die siele in die doderyk smaak, is net voorlopig. Die voorlopigheid wil nie sê dat dit 'n minderwaardige of 'n gedeeltelike geluk en heerlikheid of smart en bitterheid is nie, maar die voorlopigheid lê daarin dat dit net die siel sonder liggaam is wat tussen sterwe en opstanding, heerlikheid of bitterheid smaak. Ná die opstanding word siel en liggaam verenig en dan gaan die gelowige na siel en liggaam die volkome heerlikheid vir ewig smaak en die ongelowige na siel en liggaam vir ewig die volle bitterheid van die verlorenheid.

# 7

# Sal die afgestorwenes mekaar in die doderyk ken?

Wat 'n belangrike vraag is dit nie! Wie wil nie graag 'n duidelike antwoord op hierdie vraag hê nie? Sal ek eendag in die doderyk my gestorwe vader en moeder ontmoet en sal ek weet dat hulle op aarde my ouers was? Weet hulle, wat jare gelede gesterwe het, van my doen en late van vandag? Weet die ouer wat gesterf het toe sy seun nog 'n kind was, dat sy seun 'n eerste minister of 'n predikant of 'n dronklap geword het?

Op hierdie vrae is 'n duidelike antwoord noodsaaklik. Prof dr Jac J Muller gee in *Die lewe na die Dood* (p 68) die volgende antwoord: "Op die vraag of ons mekaar hiernamaals sal ken en herken, soos ons mekaar op aarde geken het, moet bevestigend geantwoord word, *eerstens*, op grond van die aard van die onsterflike menslike gees, en *tweedens* op grond van aanduidinge uit die Heilige Skrif.

Elke mens behou sy identiteit ook na die dood: hy is 'n eie en afsonderlike wese van alle ander; sy persoonlikheid, sy siel, sy selfbewuste ek, dit wat hom maak, wat hy is in onderskeiding van ander, is onsterflik, bly dieselfde en sal so voortgaan in die doderyk. Geheue en herinnering is onafskeidelik van die gees, en daarom sal elkeen van homself bewus wees, en, onderskeie van homself, ook ander ken en herken aan hulle besondere eienskappe."

Prof dr B J Engelbrecht sê in *Wat sê die Bybel* deel 1 (p 76): "Die Bybel sê dat die gelowige onmiddellik na sy sterwe geestelike heerlikheid by God in die hemel geniet. Bewysplekke hiervoor is onder andere Lukas 16:19 tot 31, 2 Korintiërs 5:1-8 en 1 Tessalonisense 4:13 en 14 en baie ander plekke in die Openbaringeboek, waar die gesaligdes geteken word as nou reeds lofprysend en juigend voor God se troon, in Sy teenwoordigheid. Maar hierdie genieting van geestelike heerlikheid (sonder die liggaam) is ook 'n bewustelike bestaan en daarom sal geliefdes mekaar dan ook in hierdie heerlikheid herken."

Ook die Spiritiste gee 'n antwoord. Hulle glo in die onsterflike

voortbestaan van die siel aan die anderkant van die graf. Dit is 'n waarheid wat deur die Bybel duidelik geleer word.

Ons kan dus sê dat die wat gesterf het, anderkant die dood bewustelik sal voortlewe en mekaar sal herken.

Die Ou Testament leer dit in:

*Jesaja 14.* Hier word vertel dat toe die heidense koning van Babel gesterf het en hy by die plek van die pyniging aangekom het, daar 'n groot beroering was en die siele wat toe reeds daar was hom toegeroep het: "Ook jy het kragteloos geword, soos ons; jy het soos ons geword" (vs 10). Toe het die siele wat reeds daar was, vir mekaar gesê: "Is dit die man wat die aarde laat sidder het, koninkryke laat beef het?"

*Esegiël 32:18-33.* Net so praat Esegiël oor die straf oor Egipte en die onbesnede heidene in die doderyk. Die magtigste helde sal hom, met sy helpers, toespreek uit die doderyk uit: Hulle het neergedaal, hulle lê daar – die onbesnedenes, verslaan deur die swaard.

Daar is Assur en sy hele menigte; hulle grafte is rondom hom; hulle is almal verslaan, geval deur die swaard ... "Hulle (het) neergedaal in die onderste plekke van die aarde ... en dra nou hulle skande by die wat in die kuil neergedaal het." (vs 21-24).

Jesus leer net so duidelik as die Ou Testament dat die dodes anderkant mekaar sal herken.

*Lukas 13:27-28.* Hier word geleer dat daar by die hemelpoort aan die geveinsdes en die wat Christus hier met die mond geëer het, maar met die hart vér van Hom af was, gesê sal word: "Ek weet nie waar julle vandaan kom nie. Niemand van julle het gedoen wat reg is nie. Maak dat julle van my af wegkom. Daar sal julle huil en op julle tande kners wanneer julle Abraham en Isak en Jakob en al die profete binne-in die koninkryk van God sal sien, terwyl julle self buite toe weggejaag word."

*Lukas 16:22-24.* Die ryk man in die plek van pyniging het vir Lasarus aan die boesem van Abraham herken. Hy het vir Lasarus op die aarde geken dog nie vir Abraham nie, want Abraham was toe al eeue gelede oorlede. Hy het egter in sy lewe van Abraham gehoor en gelees. Al het hy nie vir Abraham na die vlees geken nie, was Abraham tog nie vir hom 'n onbekende nie. Hy het vir Abraham aan sy besondere eienskappe herken.

*Matteus 17:3.* Hier word vertel van die verskyning van Moses en Elia aan Jesus op die berg van verheerliking. Die dissipels wat daar

teenwoordig was, het nie vir Moses en Elia na die vlees geken nie, maar tog was Moses en Elia vir hulle nie onbekendes nie. Hulle het baie van hulle gehoor en gelees en daarom het hulle blykbaar vir Moses en Elia dadelik herken.

Dit is baie duidelik dat die dodes mekaar in die doderyk sal herken. Vir die gelowiges sal daar 'n blye weersien wees en die goddeloses sal mekaar in die pyniging ontmoet.

*Is daar kontak tussen dodes en lewendes?*

Die vraag of daar kontak is tussen ons ontslape dierbares in die doderyk en ons op die aarde, is 'n belangrike vraag. Daar is dié mense soos die Spiritiste wat sê dat daar direkte kontak is.

Die Spiritiste beweer dat omgang tussen lewendes en dodes moontlik is, dat daar gemeenskap tussen hierdie wêreld en die doderyk kan bestaan, en dat die dode tot die lewendes kan spreek of selfs sigbaar aan hulle kan verskyn. Hulle roep dan ook dikwels die geeste van die afgestorwenes op. Teen hierdie praktyk van die oproeping van die geeste van die afgestorwenes, kan ernstige besware ingebring word. Ons betwyfel byvoorbeeld die egtheid van die oproeping van en gemeenskap met die dode. Prof dr Muller vra in *Mistastings en Dwalings* (p 28): "Waarom moet die samekomste om die geeste te ontmoet, altyd in die donker plaasvind en deur die tussenkoms van 'n derde persoon (die medium), van wie niemand weet of hy of sy eerlik is en nie bedrog sal opdis nie? Waarom kan die geeste nie in die lig na die mens kom en direk sonder 'n tussenpersoon aan die lewendes verskyn nie, as God sodanige aanraking en gemeenskap gewil en toegelaat het? Is dit nie dinge wat grotendeels verklaar kan word as inwerkinge van duiwelse magte op die liggelowige mens nie? Waarom sou ons glo dat dit verskyninge van *geeste is* waar ons geen bewys het dat hulle werklik die afgestorwenes is nie? En wat is daar nuut wat hulle ons kan sê, wat Gods Woord ons nie openbaar nie?"

Saam met Muller wil ons die Spiritisme afwys as 'n vyand van die ware godsdiens en as 'n nuwe openbaringsmiddel naas die Bybel. "Die mens moet kies tussen die Bybel en Spiritisme, tussen geloof in God en Sy Woord, en geloof aan sogenaamde 'geeste' en hulle onthullings. Vir die Christelike geloof en religieuse lewe is die Spiritisme 'n wesenlike gevaar" (p 28).

*Die Bybel praat tog van die verskyning van afgestorwenes*

Ja, die Bybel weet van die verskyning van afgestorwenes. In 1 Samuel 28 word vertel van die oproeping van die gees van Samuel deur die heks van Endor. Matteus 17 vertel van die verskyning van Moses en Elia op die berg van verheerliking en Matteus 27:52-53 vertel van die verskyning van die opgestane heiliges in Jerusalem.

*1 Samuel 28.* In hierdie hoofstuk word vertel dat die Filistyne vir Israel aangeval het. Saul, die koning van Israel, het baie bang geword. Hy raadpleeg die Here, maar volgens vers 6 het die Here hom nie geantwoord nie, nie op die manier waarop die Here in die Ou Testament Sy wil aan die mense bekend gemaak het nie, nl deur drome, die profete of die Urim nie, en ook nie deur direk met hom te praat nie. Verse 15-16 sê dat die Here nie net geweier het om met Saul te praat nie, maar dat die Here hom vanweë sy herhaaldelike ongehoorsaamheid verlaat het. Toe hy van die Here geen antwoord kry nie, wend hy hom na 'n dodebesweerster. Hy vind een in Endor en vra dat sy vir Samuel moet oproep. Sy het geweier, maar nadat Saul haar verseker het dat sy nie gestraf sal word nie, het sy vir Samuel opgeroep. Sy het vir Samuel gesien en met hom gepraat.

Nou tref dit ons dat die Here toegelaat het dat Samuel uit die dode verskyn. Maar wáárom het die Here dit dan toegelaat? Ons kan twee redes noem:

Om Saul se volkome verhardheid aan te dui en om die vreeslike dood wat hy gaan sterwe aan hom bekend te maak. Hy hoor dan ook: "... môre sal jy met jou seuns by my wees ..." en dit beteken dat hy en sy seuns die volgende dag sal sterwe.

Dit lyk dus asof die Bybel hier die moontlikheid dat die gees van 'n afgestorwene geraadpleeg kan word, nie uitsluit nie, maar die Bybel leer tog in Deuteronomium 18:11 en 12 dat daar niemand mag wees "... wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie. Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die Here 'n gruwel..."

*Die verskyning van Moses en Elia*

In Matteus 17:1-13 word vertel dat Moses en Elia op die berg van verheerliking aan Jesus verskyn het. Vergelyk ons Moses en Elia se verskyning met die van Samuel, merk ons dat die verskyning van Moses

en Elia totaal anders is as die van Samuel. Samuel is deur 'n towerheks opgeroep, terwyl Moses en Elia deur God gestuur is. Moses en Elia het dus 'n opdrag van God gehad om uit te voer. Verder het hulle twee ook nie aan mense verskyn nie, maar aan Jesus, die Seun van God. Tereg sê prof dr Muller in *Die lewe na die Dood* (p 80): "Ons het hier met so 'n buitengewone geval te doen dat ons dit nie op een lyn met die verskyning van dodes aan gewone lewendes kan stel nie."

*Die verskyning van die dodes aan die mense van Jerusalem*

Ook hier in Matteus 27:52 en 53 het ons 'n buitengewone geval. Die sterwe van Jesus het met buitengewone tekens gepaard gegaan. Daar was die onverklaarbare drie ure van duisternis;
die voorhangsel van die tempel wat in twee geskeur het;
die geweldige aardbewing;
die grafte wat oopgegaan het;
die ontslape heiliges wat opgestaan het; en
die ontslape heiliges wat aan die mense verskyn het.

Waarom het hulle opgestaan? Hulle opstanding en verskyning was beslis bedoel om te bevestig dat die opstanding van Jesus die voorloper is van die opstanding van almal wat in Hom gesterwe het. Prof dr Muller sê tereg in *Die lewe na die Dood* (p 80): "Hulle liggaamlike verskyning was bedoel om getuienis af te lê van die wonderkrag van die dood en opstanding van Christus, wat selfs die dood oorwin en dodes uit die graf opwek."

Ons moet die wat reeds gesterf het, met rus laat. Oproeping en raadpleging van die afgestorwenes is vir die Here 'n gruwel.

*Weet die wat reeds gesterf het, dan niks van die nog lewendes nie?*

Prof dr B J Engelbrecht antwoord op hierdie vraag in *Wat sê die Bybel* deel 1 (p 77): "Daar is geen direkte geoorloofde kontak tussen ons en hulle nie, en daarom kan ons, as ons oor hulle treur, hulle ook nie ongelukkig maak nie. Buitendien, voor die aangesig van God waar hulle nou verkeer, is daar geen droefheid, geween of moeite meer nie."

Prof dr Jac J Muller sê in *Die lewe na die Dood* (p 70): "Die Skrif leer tog stellig dat die dood die mens nie beroof van sy kennis en bewussyn nie; dat die ontslapenes nie hulle geheue en herinnering verloor

het in die sterfuur nie; en daarom kan ons met volle vertroue daarna vooruitsien dat ons mekaar eendag hiernamaals sal ken en herken. En dit is vir Gods volk 'n troosryke gedagte dat daar 'n heerlike weersiens van ontslape dierbares aan die oorkant van die graf sal wees waar verlostes mekaar in heerlikheid sal terugvind."

As ons nou in Hebreërs 12:1 lees dat ons "'n groot wolk van getuies rondom ons het", beteken dit nie dat daardie geloofshelde, nou soos toeskouers op die pawiljoen sit en ons wat nou op die renbaan is, noukeurig dophou nie. Hulle is nie toeskouers wat nou 'n intense belangstelling in ons toon en dat daardie belangstelling ons nou moet bemoedig om in die stryd te volhard nie. Nee, daardie geloofshelde is nie toeskouers nie. Toe hulle gelewe het, het hulle met volharding aan die wedloop deelgeneem en het oorwin, en die wyse waarop hulle aan die wedloop deelgeneem het en die feit dat hulle oorwin het, moet vir ons 'n aanmoediging wees om in die stryd te volhard.

Ons kan dus sê dat ons ontslape dierbares geen direkte kennis van die nog lewendes het nie, maar omdat hulle hul geheue by die sterwe nie verloor het nie, weet hulle wel deur herinnering van die nog lewendes. Die ryk man in die plek van die pyniging, onthou dat hy nog vyf broers op die aarde het en dat hulle net so goddeloos lewe as wat hy gelewe het. Ons afgestorwe dierbares weet egter nie van die smart, droefheid, angste wat die agtergeblewenes tans ondervind nie. Tereg sê prof Muller: "Daarom sal alles – ook alle kennis wat die hemelse saligheid sou kan versteur, deur God in Sy genade teruggehou word van diegene wat heengegaan het om met Christus te wees en vir wie Hy nou alles is."

Dit is vanselfsprekend dat ons wat by die afsterwe van ons dierbare agtergebly het, na hom/haar sal verlang. Dit is goed, maar ons verlange moet nie in die eerste plek gerig wees op die "blye weersien" van 'n dierbare nie, dog op die "altyd by die Here wees." Dit is die belangrikste. Paulus het dus nie in die eerste plek verlang om sy ontslape dierbares te sien nie, maar om altyd by die Here te wees.

# 8

# Waar was Jesus se siel tussen sterwe en opstanding?

Ons weet nou dat die siel van die gelowige by die sterwe onmiddellik na die boesem van Abraham gaan, waar dit sal bly tot die opstandingsdag. Dáár, aan die boesem van Abraham, sal die siel van die gelowige die volle vreugde, heerlikheid en saligheid smaak, terwyl die siel van die ongelowige by die sterwe onmiddellik na die plek van pyniging gaan, waar dit die volle smarte en bitterheid van die verderf sal smaak tot die opstandingsdag. Ons het ook gesien dat die boesem van Abraham en die plek van die pyniging die twee plekke aandui waar die siele in die doderyk sal vertoef.

Nou leer die Bybel dat Jesus aan die kruis gesterf het, in die graf van Josef begrawe is en op die derde dag uit die dode opgestaan het. Tussen sterwe en opstanding was sy liggaam in die graf. Waar was Jesus se siel daardie drie dae tussen sterwe en opstanding? Was sy siel in die hemel of in die doderyk of in die hel?

**Verskillende antwoorde**

Op hierdie vraag gee die verskillende Christelike kerke verskillende antwoorde. Daar is die wat leer dat Jesus se siel na die hel, dit is die plek van verdoemenis, gegaan het om sy oorwinning oor die magte van die hel te gaan uitroep. Hy sou dus afgedaal het na die hoofstad van die ryk van die bose om sy oorwinning daar bekend te stel. Volgens hulle sou dit dan eintlik 'n triomftog gewees het.

Ander sê dat Hy na die hel gegaan het om sy Evangelie se vervulling aan die gelowiges van die Ou Testament te gaan bekend stel en hulle so tot geloof in Hom te bring. Hierdie verklaring steun op sekere uitsprake in die briewe van Petrus.

Die Calviniste het 'n ander standpunt. Hulle verwerp albei die bogenoemde standpunte en hulle verwerp dit omdat daar, na hulle mening, nie genoeg Bybelse bewyse vir daardie standpunte is nie.

**Wat leer die Calvinistiese kerke?**

Leer ons kerke wat Calvinistiese kerke is, dan nie in die Twaalf Artikels dat Jesus na die sterwe "neergedaal het na die hel" nie? Ja, dit staan daar so, maar nou leer ons kerke net so duidelik dat ons die uitdrukking "neergedaal na die hel" nie letterlik moet opneem nie, dog figuurlik. Ons kerke leer baie duidelik dat die neerdaling na die hel nie wil sê dat Jesus se siel letterlik na die hel, dit is die plek van verdoemenis of die plek waar die bose magte hulle hoofkwartier het, gegaan het nie. Maar wat beteken die uitdrukking "neergedaal na die hel" dan?
Daar word twee verklarings vir hierdie uitdrukking gegee.

- Die uitdrukking wil nie sê dat Jesus letterlik neergedaal het na die hel nie, maar dit is slegs 'n spreekwyse wat wil leer dat Jesus se dood nie 'n skyndood was nie, dog dat Hy werklik gesterf het.
- Die uitdrukking is 'n spreekwyse wat wil sê dat Jesus aan die kruis die volle pyn en lyding ondervind het wat die ongelowige eendag na die oordeel na siel en liggaam in die plek van die verdoemenis sal ondervind.

Ons kerke verkies die tweede verklaring. Ons kan dus sê dat die uitdrukking "neergedaal na die hel" nie op 'n letterlike neerdaling na die hel slaan nie, maar dit slaan op die kruisiging. Die uitdrukking wys dan op die bitterheid, smart en lyding wat Jesus aan die kruis gesmaak het.
In vraag 44 van die *Heidelbergse Kategismus* word gevra: "Waarom volg daar: wat neergedaal het na die hel?" Die antwoord lui "... dat my Here Jesus Christus deur Sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse pyn waarin Hy in Sy ganse lyding, maar veral aan die kruis versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het". Hierdie verklaring is ook heeltemal in ooreenstemming met Calvyn se verklaring van hierdie artikel. As Calvyn hierdie artikel verklaar, verwys hy na Markus 15:34: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Prof dr Van Niftrik sê: "As Christus na die hel neerdaal, laat God oor Hom die nood van 'n vreeslike aanvegting toe. Deur God verlaat te wees – werklik verlaat ... dit is die hel. Iemand kom in die hel as God hom die konsekwensie laat trek van 'n lewe wat hy sonder God wil lewe. Ook al wil ons sonder God lewe ... God láát ons gelukkig nie sonder Hom lewe nie; Hy bly by ons, ook as ons

nie by Hom wil bly nie. Maar as God 'n mens sou oorgee aan sy eie wil om sonder Hom te lewe ... dan kom so iemand in die hel ... dan is hy in die hel.

Christus was aan die kruis in so 'n vreeslike aanvegting gedompel gewees; van God verlate. Dit was vir Hom die hel." Van Niftrik sê dat as ons dit goed begryp, kom ons by die nagmaalsformulier wat sê dat Christus aan die kruishout, na liggaam en siel, tot in die allerdiepste smaad en angs van die hel verneder is, toe Hy hardop geroep het: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" – sodat ons tot God geneem en nooit meer deur Hom verlaat sou word nie.

Prof dr Jac J Muller skryf in "In U Lig" (p 24): "Dit is dus 'n geestelike neerdaling na die hel, nie 'n letterlike of liggaamlike nie; 'n indaling in die helse toestand en nie 'n gaan na die plek van die verdoemenis nie. Aan die kruis het Jesus, soos Calvyn dit treffend uitdruk, 'in Sy siel die vreeslike kwellinge van 'n verdoemde en verlore mens gedra', aangesien Hy daar die strengheid van die goddelike wraak moes voel. Ook die hel en die verskrikkinge van die ewige dood moes ondervind word. Volgens prof Muller het dr Kuyper later so gesê: "Wat ons nou ekstensief ewig moes ly, het Christus in 'n korter tydspan intensief gely ... Hy het die smarte van die hel deurleef sonder plaaslik in die hel af te daal". Prof dr B J Engelbrecht sê in "Wat sê die Bybel" Deel 2 (p 15): "Sy neerdaling na die hel was dus Sy kruisiging en eers daarna is Hy na die Paradys".

Die kerk wil hê dat hulle lidmate goed sal verstaan dat die siel van Jesus daardie drie dae tussen sterwe en opstanding nie letterlik in die hel was nie, maar na die dood aan die kruis was Sy siel in die Paradys.

Die kerk leer dit op grond van die volgende:

Daar is geen duidelike uitspraak in die Bybel dat Christus se siel tussen sterwe en opstanding letterlik na die hel gegaan het nie.

Aan die Kruis het Jesus aan die boetvaardige kruiseling gesê: "Vandag sal jy saam met My in die Paradys wees" (Luk 23:43). Nou weet ons dat die Paradys nie die hel is nie en Jesus sou ook nie na die dood saam met die ongeredde rower gewees het nie, maar met die geredde een. Sy siel was dus daar waar die siele van die gelowige afgestorwenes is, naamlik in die Paradys.

Daar was geen noodsaak dat Jesus na die hel moes gaan nie, want geen plaasvervangende en versoenende lyde en sterwe was na die kruisiging meer nodig nie. Aan die kruis het Christus die volle los-

prys betaal. Die kwytbrief is afgegee en die opstanding is die bewys dat God die offer van sy Seun aanvaar het. Daarom kon Jesus Sy gees sterwend aan die Vader oorgee (Luk 23:46). Geen hellevaart was meer nodig nie.

# 9

# Is daar na die dood nog kans om gered te word?

Die vraag waarop ons hierdie keer 'n antwoord moet kry is: is daar, nadat die dood ingetree het, vir die verlore siel nog 'n kans om gered te word? Is daar vir die verlore siel wat in die plek van pyniging is nog 'n moontlikheid van berou en bekering, of is dit so dat wanneer die mens gesterf het, alles verby is? Is die siel wat in die plek van pyniging gekom het vir ewig in ellende en smart, of bestaan daar 'n moontlikheid om uit daardie smart en ellende te kom?

Dit is 'n belangrike vraag en op hierdie vraag moet ons 'n duidelike antwoord hê.

**Wie stel die vraag?**

Hierdie vraag word gewoonlik gestel deur mense wat dink aan die miljoene heidene wat sterf sonder dat hulle ooit van Christus gehoor het. Ander vraestellers dink weer aan die ontslape goddeloses. Daardie goddelose kan 'n goeie vriend of selfs 'n familielid gewees het, wat in hierdie lewe niks van Christus en die Christelike godsdiens wou weet nie.

Aan daardie vraestellers moet ons 'n duidelike antwoord gee. En die antwoord moet nie gegrond wees op ons persoonlike gevoelens of begeertes of gedagtes nie. Die belangrike is nie hoe ons oor hierdie saak dink of voel, of wat ons graag wil hê nie. Nee, die antwoord moet op die Bybel gegrond wees, en die Bybel laat ons op hierdie punt nie in die duister nie.

Daar is mense wat beweer dat daar vir die ontslape goddelose nog 'n kans is om tot bekering te kom, en Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker aan te gryp. Hierdie mense grond hulle standpunt op tekste soos 1 Petrus 3:18-20 en 1 Petrus 4:5-6.

In 1 Petrus 3:18-20 staan: "Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring – Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in Wie Hy ook heengegaan en gespreek het vir

die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt siele, deur water heen gered is".

In hierdie verse handel die apostel oor die lyde en sterwe van Christus. Hy vertel wat die betekenis van die lyde en sterwe van Christus vir die gelowige is. Hy sê dat Christus onskuldig was, in die plek van die skuldige mens gestaan het; dat Hy wat die Regverdige is, die skuld van die onregverdiges op Hom geneem het en dat Hy doodgemaak is en die gevolg daarvan is, dat die mens deur God vrygespreek word. Verder sê hy dat Jesus wat liggaamlik doodgemaak is, deur die Gees lewendig gemaak is en dat Hy in die Gees heengegaan het om vir die geeste van die afgestorwenes, wat in die gevangenis is waar hulle die straf uitdien, te gaan preek.

Die vraag wat nou na vore kom is: het Jesus tussen Sy sterwe en opstanding na die plek van die pyniging gegaan om daar vir die geeste van die afgestorwenes en goddeloses te gaan preek met die bedoeling om aan hulle nog 'n geleentheid te gee om hulle te bekeer? Nee, glad nie.

As ons hierdie verse aandagtig lees, merk ons dat hier 'n paar dinge gesê word:

Jesus het na die liggaam gesterf, maar deur die Heilige Gees is Hy lewendig gemaak.

Hy het in die Gees na die gevangenis gegaan.

Hy het gegaan om daar vir die geeste van die goddeloses te preek.

Waarom is daardie geeste van die ontslapenes in die gevangenis? Omdat hulle ongehoorsaam was in die dae van Noag, toe die lankmoedigheid van God nog gewag het – terwyl Noag besig was om die ark te bou. Gedurende die tyd wat Noag besig was om die ark te bou, het God die oordeel vasgehou om Noag die nodige tyd te gee om die ark te voltooi, en om daardie goddelose mense genoeg tyd te gee om hulle te bekeer. Hulle wou hulle egter nie bekeer nie en die gevolg is dat hulle nou in die gevangenis sit waar hulle die straf moet verduur.

Hier word nie gesê dat Jesus in die Gees vir alle ontslapenes wat in die gevangenis is, gepreek het nie. Hier word gesê dat Hy net vir die ontslape goddeloses wat in die tyd van Noag gelewe het, gepreek het.

Hoe moet ons hierdie saak nou verklaar? Die eerste vraag is: wanneer en waar het Jesus vir hulle gepreek? Die oplossing vind ons in 1

Petrus 1:10-11. Daar staan: "Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna". Hier sê Petrus dat die Gees van Christus in die profete van die Ou Testament gewoon het. Die Gees van Christus het ook in Noag gewoon, want hy word die prediker van die geregtigheid genoem. Dus, toe die gelowiges en die profete van die Ou Testament die mense tot geloof geroep het, was dit eintlik Christus wat deur hulle met die mense gepraat het. Dit was dus eintlik Christus self wat deur die gelowiges en profete van die Ou Testament die mense tot bekering geroep het. Die profete was eintlik maar net die monde waardeur Christus gepraat het. So was dit ook met Noag. Christus het deur Sy Gees in Noag se hart gewoon sodat dit eintlik Christus is wat met die mense van Noag se tyd gepraat het. Daardie mense wou egter nie luister nie. Ons kan sê dat daardie mense wat hulle nie aan die prediking van Noag gesteur het nie, hulle in werklikheid nie aan die prediking van Christus gesteur het nie. Omdat hulle hulle in werklikheid nie aan Christus gesteur het nie, is hulle nou in die strafplek.

As daar nou staan dat Christus deur die Gees vir die goddeloses van Noag se tyd gepreek het, beteken dit nie dat Hy na Sy sterwe na die strafplek gegaan het om daar vir hulle te preek en om so vir hulle 'n tweede kans te gee om hulle te bekeer nie, maar dit beteken dat Hy wat deur Sy Gees in Noag se hart gewoon het, in werklikheid in daardie tyd vir hulle gepreek het, maar dat hulle toe beterweterig die rug op Sy prediking gedraai het en dat hulle daarom nou in die plek van die pyniging is. Daar is dus nie vir hulle 'n tweede kans nie. Nee, soos die boom geval het, so lê hy.

*1 Petrus 4:5-6:* In hierdie verse staan: "Hulle sal rekenskap gee aan Hom wat gereed staan om die lewende en die dode te oordeel.

Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die Gees".

Hier word vertel dat die Christene verlei, vervolg en gedood word. Nou kom daar 'n oproep na die Christene wat verlei, vervolg en gedood word om die geloof vaarwel toe te roep en te lewe, te praat en te doen soos die heidene, dan sal hulle nie vervolg en doodgemaak

word nie. Dan roep Petrus hulle op om dit nie te doen nie, maar in die geloof te volhard. Hy roep hulle op om nie hulle lewenshouding te verander nie, want die heidene wat hulle nou vervolg en doodmaak, sal eendag rekenskap moet gee aan Hom wat die lewendes en dodes sal oordeel.

Met die oog op die vervolgers en moordenaars van die Christene, sê Petrus in vers 6: "Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word".

Prof dr A H van Zyl verklaar hierdie teks in *Wat sê die Bybel* Deel 2 (p 157) soos volg: "Dit is asof Petrus vir die Christene sê: Julle loop gevaar om self deur die vervolgers doodgemaak te word. Dan is julle saam met die dooies. Maar daar is 'n groep dooies of gestorwenes wat tog nie finaal dood is nie. Dit is diegene aan wie die Evangelie tydens hulle lewe verkondig is, want hulle is wel geoordeel deur mense, en na die liggaam is hulle dood, maar juis omdat die Evangelie tydens hulle lewe aan hulle verkondig is en hulle dit aangeneem het, lewe hulle in die gees. En juis daarom moet 'n Christen nie sy geloof in Christus uit vrees vir die dood van die liggaam verloën nie".

Is daar vir die goddelose na die sterwe nog 'n kans om tot bekering te kom? Ons antwoord met 'n besliste Nee! Prof dr Jac J Muller is reg as hy in *Die lewe na die Dood* (p 87) sê: "In die oomblik van die dood word die deur vir ons gesluit, en ons is ewig daarbinne – met God in heerlikheid – of ewig daarbuite sonder Christus in wanhoop en duisternis.

Ons kry ons kans in hierdie lewe, terwyl die genadedeur nog oopstaan. Na die dood is daar geen tweede kans nie".

Ons grond ons standpunt op tekste soos:

Jesaja 55:6-7: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees".

2 Korintiërs 6:2: "Nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil".

Hebreërs 3:7 en 8: "Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering, in die dag van die versoeking in die woestyn nie...".

Ek wil hierdie hoofstuk afsluit met die woorde van Lukas 14:35: "Wie ore het om te hoor, laat hom hoor".

# 10
# Die wederkoms van Christus

Ons weet nou dat daar vir die goddelose geen kans is om nadat die dood ingetree het, tot bekering te kom nie. "In die oomblik van die dood word die deur gesluit – dan is hy ewig daarbinne – met God in heerlikheid, of ewig daarbuite – sonder Christus in wanhoop en duisternis".

Daarom moet ons groot erns maak met die oproep van Johannes die Doper: ". . . bekeer julle en glo die evangelie" (Mark 1:15).

Wanneer die dood intree, gaan die siel van gelowige en ongelowige na die doderyk, hoewel verskillende plekke, en daar bly die siele tot op die dag van die wederkoms van Christus. Wanneer Christus weer terugkom na die aarde, vind die opstanding van die liggame plaas, word siel en liggaam verenig en dan word hierdie bedeling waarin ons tans lewe, afgesluit.

Die wederkoms van Christus is dus 'n baie belangrike oomblik.

Na aanleiding van die wederkoms van Christus kom daar baie vrae by ons op. Vrae soos hierdie: hoedanig sal die wederkoms wees? Wanneer sal die wederkoms plaasvind? Wat sal die gevolge van die wederkoms wees?

**Hoedanig sal die wederkoms wees?**

Hieroor laat die Bybel ons nie in die duister nie. Die Bybel sê baie duidelik dat Christus letterlik en sigbaar sal terugkom na die aarde toe. Jesus het dit gedurende sy omwandeling op die aarde self gesê. Matteus 24:30: "Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit". *Handelinge 1:11:* By geleentheid van die hemelvaart het die twee mans in wit klere aan die dissipels gesê: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het". Die uitdrukking "net so" kan tog na niks anders verwys as die destydse gebeure

KITAL

by die hemelvaart nie. Toe het die dissipels Hom gesien. Handelinge 1:9 sê baie duidelik, net soos Hy in die wolk opgeneem is en hulle dit gesien het – net so, op dieselfde manier, sal Hy weer terugkom. Die wederkoms sal dus letterlik en sigbaar plaasvind.

Tussen hemelvaart en wederkoms sal daar egter een verskil wees. Toe Jesus opgevaar het, het net die dissipels Hom gesien, maar wanneer Hy terugkom, sal alle oë Hom sien – ook die wat Hom deursteek het. In Openbaring 1:7 lees ons: "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het," en in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 37 bely die kerk: "Ten laaste glo ons, volgens die Woord van God, dat wanneer die tyd deur die Heer bepaal, gekom het, wat aan alle skepsele onbekend is, en die getal van die uitverkorenes vol sal wees, onse Here Jesus Christus uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar soos Hy opgevaar het".

**Wanneer sal die wederkoms plaasvind?**

Deur die eeue heen was daar nog altyd mense wat die dag en datum van die wederkoms van Christus probeer bepaal het. Elke keer het hulle teleurgesteld gestaan. Natuurlik, want niemand weet wanneer daardie dag sal aanbreek nie. In Matteus 24:36 lees ons: "Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit". Dit het die Vader behaag om die tyd en datum van die wederkoms nie aan ons te openbaar nie. Dit is ook nie nodig nie. Die presiese tyd en datum van die wederkoms is vir die Bybel nie belangrik nie, maar die feit dat Christus weer kom, is belangrik en die Bybel beklemtoon dit op baie plekke. Tereg sê dr J Koopmans in *De Nederlandse Geloofsbelydenis* (p 206): "Die oomblik van Jesus se koms is 'n verborgenheid net soos die oomblik van Sy vleeswording 'n verborgenheid van dieselfde diepte is as die verkiesing. Artikel 37 lê 'n verband tussen beide. As die getal van die uitverkorenes, wat God alleen weet, vol sal wees, dan is die uur daar ... God alleen sien die groei van Sy kerk en Hy ken die oomblik wanneer Sy volk voltallig sal wees".

Dit is vir ons genoeg as die Bybel sê dat die wederkoms skielik en onverwags sal plaasvind. Jesus sê dit self. Markus 13:32. In Matteus 24:44: lees ons: "Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie". In 1 Tessalonisense 5:2 staan: "Want julle weet self baie goed

dat die dag van die Here kom soos 'n dief in die nag".

Daar was al verskillende sektariese strominge wat die dag en datum van die wederkoms probeer vasstel het. Hulle het nog elke keer teleurgesteld gestaan. Aan hierdie mense wil ons sê dat dit nie alleen onmoontlik is om die tyd, dag en jaar van die wederkoms van Christus vas te stel nie, maar ook uiters dwaas en sondig. Ons wil aan hulle sê dat hulle nie wyser as die Bybel moet probeer wees nie. Net soos al hulle pogings om die tyd, dag en jaar van die wederkoms te bepaal, in die verlede ontnugterings en teleurstellings tot gevolg gehad het, net so sal dit ook in die toekoms gebeur.

**Die gevolge van die wederkoms**

Ons het reeds daarop gewys dat die bedeling waarin ons nou lewe, met die wederkoms afgesluit word (Matt 13:39; 24:14 en Openb 14:14). Wanneer Christus op die wolke van die hemel verskyn, breek die nuwe bedeling aan.

Dan vind die afrekening met die Antichris en alle magte wat teen God in opstand gekom het en hulle teen die Christus verhef het, plaas.

Dan tree die finale oorwinning van Christus in, dan sal alles en almal moet erken dat Christus die oorwinnaar is. Dan word Satan en sy bose engele, die Antichris en die valse profeet onder die oordeel gebring.

Dan word die wat reeds gesterwe het, opgewek. Die aarde sal die wat reeds gesterwe het, gee en die see syne. Dan kom die tussentoestand en die doderyk tot 'n einde. Dan word die siel en die liggaam verenig vir die oordeel.

Dan kom die hele mensheid voor die regterstoel van God om geoordeel te word, volgens wat hulle gedoen het, of dit goed is of kwaad (2 Kor 5:10).

Dan kom die wederherstelling van alle dinge, dan breek die tyd van die nuwe hemel en die nuwe aarde aan waarop geregtigheid sal woon.

Die wederkoms van Christus is dus die triomftog. Met Sy eerste koms het Jesus gekom om te soek en te red die wat verlore is, met Sy wederkoms kom Hy om te oordeel die lewendes en die wat reeds gesterf het. Met Sy eerste koms het Hy 'n dienskneggestalte aangeneem, met Sy wederkoms kom Hy in glorie en majesteit.

**Die wederkoms roep ons op**

Die wederkoms van Christus roep ons op tot:

- *Waaksaamheid.* In Matteus 24:42-44 lees ons: "Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet watter dag julle Here kom nie. Onthou dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd van die nag die dief kom, sou hy wakker gebly het en nie toegelaat het dat daar in sy huis ingebreek word nie. Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie". Ons dink ook aan Markus 13:33-37: "Wees op julle hoede; wees waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die tyd daar is nie. Dit is soos 'n man wat ver weggegaan en sy huis onder beheer van sy slawe gelaat het. Hy het vir elkeen sy werk gegee en die deurwagter beveel om wakker te wees. Wees dan wakker, omdat julle nie weet wanneer die huisheer kom nie, in die aand of middernag of met hanekraai of die môre vroeg nie, sodat wanneer hy onverwags kom, hy julle nie aan die slaap kry nie. En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal, wees wakker!".
- *'n Heilige lewenswandel.* Ons dink aan 1 Tessalonisense 3:13: "... sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al Sy heiliges". Lees ook 1 Tessalonisense 5:23: "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus." (Sien ook Mark 13:33-37 en Tess 5:4-11).

Dit bied vir die gelowige 'n geweldige troos. Pragtig stel prof dr Jac J Muller dit in *Die lewe na die Dood* (p 93): "Dood, skeiding, verdrukking, vervolging, martelaarskap – alles verloor hulle verskrikking by die gedagte: die Here kom! Christus sal die laaste woord spreek."

Vir die gelowige is die dag van die wederkoms 'n vreugdevolle dag. Op diè dag sal hulle hoor: "Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Neem die koninkryk as erfenis in besit! Dit is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei" (Matt 25:34). Vir die goddeloses sal dit 'n verskriklike dag wees, want hulle sal hoor: "Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is!" (Matt 25:41).

# 11
# Die opstanding

Op die dag van die wederkoms van Christus vind die opstanding plaas. Vir sommige mense is die opstanding 'n ongerymdheid, selfs 'n dwaasheid. Vir hulle is dit niks anders as 'n stuk mitologie waarmee ons verligte en beskaafde mense van die twintigste eeu nie mee rekening behoort te hou nie. En tog is die opstanding 'n heerlike werklikheid.

**Wie ontken die opstanding?**

In die tyd van Jesus se omwandeling op aarde het die Sadduseërs geleer dat daar geen opstanding uit die dood is nie. (Luk 20:27). Tog is die getuienis van Paulus te duidelik om die waarheid te ontken. In 1 Korintiërs 15:19 en 20 leer Paulus: "As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het". Hy is die eersteling, maar daarna verrys, danksy sy oorwinning oor die dood, almal wat aan Hom behoort, by Sy koms.

Dan is die wetenskaplikes daar. Sommige van hulle sê dat die opstanding uit die dood 'n verstandelike onmoontlikheid is. En tog leer die Bybel in Johannes 20:27 dat Jesus liggaamlik opgestaan het. Hy het nie as 'n skim aan die dissipels verskyn nie, ook nie as 'n verheerlikte siel nie, ook nie as 'n ideaal of 'n idee nie, maar as 'n mens met 'n liggaam.

Daar is ook die wat sê dat daar wel 'n opstanding is, maar dat die opstanding geen liggaamlike opstanding is nie, dog 'n geestelike opstanding. Die geestelike opstanding vind plaas wanneer die mens tot bekering kom.

Die kerk het op grond van genoegsame Skrifgegewens die bogenoemde standpunte afgewys.

KITAL

**Wat leer die kerk?**

Teenoor al die bogenoemde stellings leer die kerk in die Twaalf Artikels dat hy glo in die "wederopstanding van die vlees" en in die Nederlandse Geloofbelydenis artikel 37 bely die kerk: "Want almal wat gesterf het, sal uit die aarde opstaan, die siel saamgevoeg en verenig met sy eie liggaam waarin hy geleef het." Vraag 45 van die Heidelbergse Kategismus lui: "Watter nut het die opstanding vir ons?" Die antwoord is: "Ten eerste dat Hy deur Sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur Sy dood verwerf het, deelagtig sou kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur Sy krag opgewek tot 'n nuwe lewe, ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding."

Die kerk bely dus dat Christus liggaamlik opgestaan het en dat almal wat deur die opregte geloof in Christus ingelyf is, by die wederkoms ook liggaamlik sal opstaan.

Hierdie belydenis van die kerk is nie uit die lug gegryp nie. Nee, dit rus op Bybelse gronde. Ons noem net 'n paar uitsprake:

Johannes 5:28 en 29: "Daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan tot die lewe, en die wat kwaad gedoen het, sal opstaan en veroordeel word".

1 Korintiërs 15:52: "... en die dode sal onverganklik opgewek word".

Handelinge 24:15: "... en net soos hulle verwag ek dat alle mense, goeies en slegtes, uit die dood sal opstaan."

1 Tessalonisense 4:16: "... en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan."

Op grond van hierdie en nog baie ander tekste leer die kerk die liggaamlike opstanding by geleentheid van die wederkoms van Christus.

**Hoe sal die opstanding plaasvind?**

Die Bybel sê nie hoe die opstanding van Jesus presies plaasgevind het nie, net soos die Bybel nie sê hoe die vleeswording plaasgevind het nie. In albei gevalle is, volgens die Bybel, die hoé nie vir die mense bedoel om te weet nie, maar die feit dat dit gebeur het, is vir hulle belangrik om te weet.

Die Bybel leer dat Christus opgewek is en dat Hy opgestaan het. Ons moet tussen hierdie twee begrippe nie 'n teenstelling sien nie. Christus is opgewek deur die Vader en daarmee vestig die Bybel ons aandag op Jesus se mensheid. Dan leer die Bybel ook dat Christus self opgestaan het en daarmee vestig die Bybel ons aandag op Christus se Godheid. Hy het ook uit eie Goddelike krag uit die graf verrys. Christus het geworstel met die dood en het in Goddelike alvermoë die bande van die dood en graf verbreek en as lewensvors oor die dood getriomfeer.

Dit is ook nie nodig dat die Bybel vir ons noukeurig vertel hoe Jesus presies opgestaan het, en hoe ons op die jongste dag sal opstaan nie. As aardse, sondige mense sal ons dit ook nie kan begryp nie. Dit is genoeg as ons weet en glo dat Christus werklik opgestaan het en dat ons, wat in Christus glo en sterwe, ook by geleentheid van die wederkoms liggaamlik sal opstaan. Dit is genoeg as ons weet en glo dat hierdie selfde liggaam wat in die skoot van die aarde weggelê word, op die jongste dag sal opstaan.

**Hoe sal die opstandingsliggaam lyk?**

Hier word baie vrae gestel. Sal die opstandingsliggaam presies lyk soos die liggaam wat in die aarde weggelê is? Sal die opstandingsliggaam net so maer of verswak of gebreklik of misvormd wees? Sal die dowe dan nog doof wees; die blinde nog blind en die invalide nog invalide wees?

Ons wil so antwoord: die opstandingsliggaam sal dieselfde liggaam wees as die een wat in die aarde weggelê is en tog ook nie dieselfde nie. Die opstandingsliggaam sal geen gebreke of swakhede hê nie. In die opstanding sal daar geen misvormdes en invalides wees nie. Tereg sê prof dr Jac J Muller in *Die lewe na die Dood* (p 96) dat die opstandingsliggaam 'n verheerlikte liggaam sal wees en "die verheerlikte liggaam waarmee die verlostes sal opstaan en wat die beeld van Christus gelykvormig sal wees" (Fil 3:21), bv onversoenbaar is met 'n gebrekkige en misvormde uiterlike, of liggaamlike defekte en swakhede waarmee die liggaam in die graf gelê is. Suigelinge en invalides sal nie in dieselfde toestand van hulpeloosheid opgewek word nie. Die mens sal in sy volmaakte menslike gestalte opgewek word en gelowiges sal na hul opstanding vry wees van alle gebreke

wat hulle op aarde aangekleef het weens die inwerkinge van die sonde.

Die opstandingsliggaam van die gelowige sal 'n verheerlikte liggaam wees. Dit beteken dat hy vry en verlos sal wees van die sonde en die gevolge van die sonde. Al die baie gebreke, swakhede en tekortkominge is die gevolge van die sonde.

Voor die sonde in die wêreld gekom het, was daar nie so iets soos gebreklikheid, wangeskapenheid en invalides nie en as die sonde eendag uit die wêreld weggeneem is, sal daar weer nie so iets soos wangeskape, misvormde en invalide mense wees nie.

Dat die opstandingsliggaam dieselfde as hierdie liggaam sal wees en tog ook heeltemal anders, blyk duidelik uit Jesus se opstandingsliggaam. Toe Jesus na die opstanding aan die dissipels verskyn het waar Tomas teenwoordig was, het Hy aan Tomas gesê: "Kyk na my hande en my voete: Dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien Ek het nie" (Luk 24:39). Paulus leer dit ook: "Want ons burgerskap is in die hemele, vanwaar ons ook as Verlosser verwag, die Here Jesus Christus, wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp" (Fil 3:20 en 21).

Ons vernederde liggaam word aan Sy verheerlikte liggaam gelykvormig. Kyk ons na die verheerlikte liggaam van Christus, dan merk ons dat:

Jesus na Sy opstanding nie net 'n Gees was nie, dog dat Hy ook 'n liggaam gehad het.

Sy opstandingsliggaam was nie aan tyd en ruimte gebonde nie. Hy het deur die geslote deure gegaan; deur die dikste mure. Hy verskyn hier en dan weer daar. Niks kon Hom keer nie.

Sy opstandingsliggaam het ander eienskappe en hoedanighede besit.

Sy opstandingsliggaam word deur ander wette beheers. Op die opstandingsdag word ons vernederde liggame aan Sy verheerlikte opstandingsliggaam gelykvormig.

In 1 Korintiërs 15:42-44 sê Paulus: "So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid; daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag; 'n natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word

opgewek. Daar is 'n natuurlike liggaam, en daar is 'n geestelike liggaam".

Paulus leer dus dat die vernederde liggaam verganklik is, terwyl die verheerlikte liggaam onverganklik sal wees. Die aardse liggaam het geen blywende skoonheid nie, terwyl die verheerlikte opstandingsliggaam heerlik en volmaak sal wees. Die aardse liggaam word moeg, is swak en is vir baie dinge onbekwaam, terwyl die opstandingsliggaam kragtig sal wees en oor 'n onuitputlike energie sal beskik.

In die aardse liggaam is daar 'n voortdurende stryd tussen die gees en die vlees, terwyl die verheerlikte liggaam geestelik sal wees, dus volkome deurdring van die Gees van die Here en volkome onder Sy mag en tot Sy beskikking. Die aardse liggaam is aards en aardsgebonde, terwyl die opstandingsliggaam hemels sal wees en hemelsgebonde.

O, wat 'n heerlike liggaam sal die opstandingsliggaam nie wees nie!

Dit alles is waar van die gelowige, maar wat van die ongelowige? Sal sy liggaam ook op die dag van die wederkoms opstaan? En as hy ook sal opstaan, hoe sal sy opstandingsliggaam daar uitsien?

Ja, met die opstanding sal die liggame van die goddeloses ook opstaan. Hulle sal na die opstanding ook in 'n onsterflike liggaam voortlewe, maar daardie liggaam sal geen verheerlikte liggaam wees nie.

Daniël 12:2 en 3 sê: "En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik. En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos."

Johannes 5:28 en 29: "... Daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe en die wat kwaad gedoen het, sal opstaan en veroordeel word."

# 12
# 'n Tweërlei opstanding

Daar is mense wat leer dat daar 'n tweërlei opstanding is van die wat reeds gesterwe het. Die Getuies van Jehova is 'n goeie verteenwoordiger van hierdie opvatting. Hulle leer dat net die 144 000 verseëldes van Openbaring 7:4 daaraan deel het. Hierdie opstanding is vir die menslike oog onsigbaar en word die geestelike of hemelse opstanding genoem. Die tweede opstanding word 'n aardse opstanding genoem en volgens *Die Verlore Paradys* (p 232), sal die volgende mense aan hierdie opstanding deel hê:

1. die getroue Getuies van Jehovah wat gesterwe het voordat Christus gesterwe het,
2. die honderde miljoene ander mense wat in die "opstanding van oordeel" gebring sal word en
3. die mense van welwillendheid wat vandag hulle standpunt aan die kant van God inneem, maar wat weens siekte, hoë ouderdom of 'n ander oorsaak te sterwe kom voordat Armageddon geveg word.

Die eerste opstanding word die opstanding tot die lewe genoem, terwyl die tweede die opstanding vir die oordeel genoem word. Die oordeel vind nie op 'n bepaalde dag plaas nie, daarom sal die tweede of aardse opstanding "oor 'n tydperk uitgestrek wees". Hierdie oordeel vind aan die einde van die sogenaamde duisendjarige vrederyk van Openbaring 20 plaas. Gedurende die duisend jaar sal die Evangelie aan die wat nie deel het aan die eerste opstanding nie – dit het volgens die Jehova-getuies in 1914 plaasgevind – verkondig word en die wat dan tot geloof kom en aan die Here gehoorsaam is, sal die ewige lewe op die aarde deelagtig word en die wat dan nog ongelowig bly, sal veroordeel word.

Die voorstanders van hierdie leer beroep hulle gewoonlik op tekste soos 1 Korintiërs 15:22-24; 1 Tessalonisense 4:15-16 en Openbaring 20:6.

*1 Korintiërs 15:22-24:* Hier staan: "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde; as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by Sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het".

Die leser sal opmerk dat Paulus in hierdie hoofstuk net oor die opstanding van die gelowiges praat. Hy praat in hierdie hoofstuk nêrens oor die opstanding van die goddeloses nie. Nou sê Paulus dat daar by die opstanding van die gelowiges twee groepe of reekse sal wees.

Die eerste groep of reeks word deur Christus alleen gevorm. Hy is die Hoof en daarom gaan Hy voor.

Die tweede groep of reeks word deur al die gelowiges gevorm. Hierdie groep bestaan dus uit almal wat deur 'n opregte geloof in Christus ingelyf is en so Sy eiendom is.

Die voorstanders van die tweërlei opstanding, gebruik hierdie teksverse verkeerd as hulle dit gebruik om hulle opvatting te bewys.

*1 Tessalonisense 4:15 en 16:* Hier lees ons: "Want dit sê ons vir julle deur die Woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal voor wees nie. Die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan".

Wie hierdie Skrifgedeelte aandagtig lees, merk dadelik dat Paulus hier 'n teenstelling maak tussen die wat by die wederkoms van Christus nog sal lewe en die wat dan reeds dood sal wees. Van die wat daardie dag nog sal lewe, sê Paulus, dat hulle die wat dan reeds dood sal wees, glad nie voor sal wees nie. Hulle sal geen voorsprong hê bo die wat daardie dag reeds dood sal wees nie. Die wat daardie dag nog lewe, sal die heerlikheid van Christus ook nie eerder sien as die wat dan reeds dood is nie. Die eerste gebeure op die dag van die wederkoms is die opstanding van alle ontslapenes, en die wat daardie dag nog lewe, sal in 'n oomblik se tyd verander word.

Dit is duidelik dat die "eerste opstaan" van vers 16 geen teenstelling vorm met 'n latere opstanding van die gelowiges nie, maar net met die nog lewendes by die wederkoms van Christus. In hierdie verse praat Paulus ook nie oor die goddeloses en hulle opstanding nie.

KITAL

*Openbaring 20:6:* Daar staan: "Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as koning regeer, duisend jaar lank".

In hierdie Skrifgedeelte gaan dit oor die siele van die wat onthoof is ter wille van Christus en die Woord van God. Nou leer Johannes dat daardie siele – siele sonder liggame – saam met Christus leef en regeer. Die siele leef en regeer saam met Christus, terwyl die liggame nog in die aarde lê en wag op die opstanding. Dit is egter nie net die siele van die wat onthoof is ter wille van Christus en die Woord van God, wat saam met Christus leef en regeer nie, maar ook die siele van almal wat die dier nie aanbid het nie (Op 13) en in Christus gelewe en gesterwe het.

Maar dan is daar die ander dodes – dit is al die ander mense wat gesterf het – hulle leef nie voordat die duisend jaar vol is nie. As die duisend jaar vol is, sal daar 'n verandering kom. Dan gaan hulle die tweede dood in, met ander woorde hulle ontvang dan die ewige straf. Tot wanneer die verandering kom, was dit net die siel wat die straf ondervind het, maar as die verandering kom, dit wil sê wanneer hy die tweede dood ingaan, ondervind die siel en liggaam die ewige straf. Die wat in Christus gelewe en gesterwe het, smaak die ewige heerlikheid en saligheid – want hulle gaan nie die tweede dood in nie, terwyl die wat die tweede dood ingaan ewige bitterheid en smarte, na liggaam en siel ondervind.

Die vraag is nou: wat beteken die uitdrukking "eerste opstanding" in Openbaring 20:6? Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die uitdrukking "eerste opstanding" in Openbaring 20:6 nie op 'n liggaamlike opstanding dui nie. Die uitdrukking "eerste opstanding" dui hier beslis op 'n geestelike opstanding en hierdie geestelike opstanding vind plaas wanneer die mens tot die geloof in Christus kom.

Hierdie "eerste opstanding", hierdie kom tot die geloof, is dus vir die mens van die allergrootste belang. Dit bepaal waar die mens die ewigheid gaan deurbring – in die heerlikheid of rampsaligheid. Op die dag van die oordeel sal die wat in Christus geglo, gelewe en gesterwe het na siel en liggaam die ewige heerlikheid ingaan, terwyl die ongelowige na siel en liggaam in die ewige verlorenheid wegsink.

Dit is duidelik dat die bogenoemde tekste nie 'n tweërlei opstanding leer nie. Hierdie tekste leer ook nie soos die Jehova-getuies beweer, dat daar vir die ongelowige na die dood ingetree het, nog 'n

kans is om tot geloof te kom nie. Soos die boom val, so lê hy. Wie by sy dood as ongelowige sterf, gaan die verderf in en wie as kind van God sterf, gaan die ewige heerlikheid in.

Ons moet groot erns maak met Paulus se woorde in 2 Korintiërs 6:2: "Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is dit die dag van heil".

# 13

# Die duisendjarige vrederyk

Party van ons het al met baie sektariese mense gesels of van hulle geskrifte gelees. Ons het gemerk dat byna almal van 'n duisendjarige vrederyk praat. Volgens hulle sal Jesus twee keer na die aarde terugkom. Die eerste keer kom Hy om die gelowiges te kom haal om duisend jaar saam met Hom te regeer en die tweede keer kom Hy aan die einde van die duisend jaar vir die oordeel. Tussen die twee wederkomste lê daar 'n tydperk van een duisend jaar.

Volgens daardie mense sal dit gedurende die duisend jaar heerlik op die aarde wees. Die Satan sal gebind wees, en die gevolg daarvan sal wees dat:

— daar geen oorloë op die aarde sal wees nie;
— dat daar geen internasionale leërs sal wees wat die vrede moet bewaar en geen polisiemag wat die orde sal moet handhaaf nie;
— dat daar geen rassehaat of nasionale verskille sal wees nie,
— geen werkloosheid;
— geen groot droogtes, hongersnood of swartmark pryse nie; en
— dat daar selfs nie so iets soos tandpyn sal wees nie.

Wat 'n heerlike tyd moet dit nie wees nie! Na so 'n heerlike toekoms kan enige mens met groot verlange uitsien.

Die vraag is egter: is hierdie dinge wat daardie mense sê, waar? Leer die Bybel dit regtig?

**'n Aardse ryk**

Die voorstanders van die duisendjarige vrederyk leer dat dit 'n aardse vrederyk sal wees. Hierdie gedagte van 'n aardse ryk waarvan Jesus die Opperkoning sal wees, is nie iets wat hierdie mense uitgevind het nie. Ons vind hierdie gedagte reeds in die tyd van Jesus. Prof dr H S Pelser sê in *Wat sê die Bybel* Deel 1 (p 17): "Die Jode het 'n aardse Messias verwag; een wat hulle sou verlos van alle aardse

vyande en vanuit Jerusalem in 'n langdurige vrede oor Sy ryk sou heers. Hierdie gedagte word in die Joodse apokriewe-literatuur en veral in die Openbaring-boek van Barug en in die vierde boek van Esra gevind. Selfs die dissipels van Jesus het hierdie gedagte gehuldig. Toe Jesus op die Olyfberg gereed gestaan het om na die hemel op te vaar, vra hulle aan Hom: 'Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?' (Hand 1:6). Die dissipels het toe nog gedink dat Jesus die Messias is wat die Romeine uit die land sal verdryf en die koninkryk vir Israel sal herstel. Maar later antwoord Jesus: 'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde' (Hand 1:8). Jesus belowe dus nie aan hulle ministerskappe nie, maar Hy stel hulle aan om Sy getuies te gaan wees. Hy belowe ook nie aan hulle 'n tyd van salige genietinge op die aarde nie, maar Hy stuur hulle om te gaan werk. Jesus het nooit 'n aardse koninkryk belowe nie, maar Hy het duidelik gesê: 'My koninkryk is nie 'n koninkryk van hierdie wêreld nie'.

As die voorstanders van die duisendjarige vrederyk op die aarde so 'n aardse vrederyk verwag, is hulle beslis verkeerd.

**Bybelse uitsprake**

Die voorstanders van die duisendjarige vrederyk grond hulle standpunte op sekere Bybelse uitsprake. Ons noem net 'n paar daarvan: Psalm 103:1 en 2; Matteus 4:23; Matteus 24:37-39; Openbaring 21:4 en die belangrikste uitspraak is die van Openbaring 20.

Psalm 103:2 en 3: "Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees".

Matteus 4:23: "Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak".

Van hierdie twee tekste sê dr J P Louw in sy boek *Die Jehovagetuies en die Bybel* (p 112) "dat hierdie twee bewysplase niks te doen het met 'n tydperk van 1 000 jaar na die slag van Armageddon nie, sal vir iedereen duidelik wees". Hierdie twee tekste gee geen steun vir 'n duisendjarige vrederyk op aarde nie.

*Matteus 24:37-39.* Hier staan: "Soos dit in die dae van Noag was, sal dit ook wees by die koms van die Seun van die mens. Want in daardie dae voor die sondvloed, het hulle soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Hulle het nie besef wat aan die gang was nie todat die sondvloed gekom en hulle almal weggesleur het. Net so sal dit gaan by die koms van die Seun van die mens".

In hierdie teks is ook geen sprake van 'n duisendjarige vrederyk nie.

*Openbaring 21:4.* Daar lees ons: "En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan".

Hierdie teks leer ook niks van 'n duisendjarige aardse vrederyk nie, maar het duidelik die omstandighede van die nuwe hemel en die nuwe aarde in gedagte.

Die belangrikste Skrifgedeelte in hierdie verband, is Openbaring 20.

As ons hierdie hoofstuk aandagtig deurlees, merk ons dat hier nêrens van 'n duisendjarige aardse vrederyk gepraat word nie, maar hier word geleer dat die Satan vir duisend jaar gebind en in die afgrond toegesluit sal wees. Nou moet ons daarop let dat die Satan dié duisend jaar nie dood sal wees nie, dog net gebind. Dit beteken dat hy gedurende die duisend jaar nog daar sal wees, maar dat hy sy verwoestingswerk nie ongehinderd sal kan voortsit nie.

**Wanneer vind die binding plaas?**

Die vraag wat hier na vore kom, is: is die Satan reeds gebind of nog nie? As hy nog nie gebind is nie, wanneer sal die binding dan plaasvind en as hy reeds gebind is, wanneer het dit plaasgevind?

Mense soos die Jehova-getuies sê dat die Satan nog gebind moet word. Dit beteken dat hy nog vry is en sy verwoestingswerk ongehinderd voortsit. Volgens hulle lê die binding nog in die toekoms. En as die binding nog in die toekoms lê, kom daar 'n paar vrae by ons op.

Wat het dan geword van die oorwinning wat Jesus op Golgota behaal het? As Satan nou nog vry is, beteken dit dat geen oorwinning op Golgota behaal is nie . . . en dan vra ons: hoe moet ons tekste soos

Openbaring 3:21 en 5:5 dan verstaan? In Openbaring 3:21 staan: "... soos Ek ook oorwin het en saam met My Vader op sy troon gaan sit het". In Openbaring 5:5 lees ons: "... kyk, die leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek".

Wat beteken die kruiswoord: "Dit is volbring?" Hierdie kruiswoord is tog baie duidelik 'n uitroep van triomf. Tereg sê dr E L Smelik in *Het Evangelie naar Johannes* (p 274): "Dit is nie alleen die laaste asemhaling van 'n mensekind wat moeg gestry is nie – dit ook – maar ook die juigkreet van die dienskneg van die Here, wat die lyding deurstaan het. Dit is ook die verkondiging van die versoening, wat in die donker heiligdom teweeggebring is; dit is ook die oorwinningskreet van die uitgeworpe Koning, wat nogtans Koning is; dit is nie alleen die vervulling van die heilige Skrifwoord nie, maar ook van die onheilige profesie wat bokant sy hoof in 'n opskrif aangebring is en bo al die bybedoelinge van Pilatus en teen alle proteste in, bewaarheid is".

Hoe moet ons Matteus 28:18 dan verstaan? Daar staan: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde". Oor hierdie teks skryf prof dr E P Groenewald in *Handboek Bybelse Geskiedenis die Nuwe Testament* (p 421): "Nou is Hy nie meer die nederige wat gekom het, nie om gedien te word nie, maar om te dien (Matt 20:28), maar Hy verskyn as die Koning van die konings en die Here van die here. Hy beskik oor alle mag, volstrek alle mag in hemel en op aarde, Israel het die koms van sy koning verwag, maar steeds in die beperkte aardse sin aan Hom gedink. Nou stel Hy Homself bekend as die Oorwinnaar oor alle vyande van die mens, ook die dood. Hy is die Een wat heerskappy uitoefen en geen mens, of watter mag ook al, kan sy almag stuit nie.

As Koning van die ryk van God gee Hy nou bevele ten opsigte van daardie ryk".

As Jesus werklik oorwinnaar is – dit leer die Bybel baie duidelik – oor sonde, dood en graf, beteken dit dat Satan gebind is en dat hy nie vry is om te doen wat hy wil nie. Die binding lê dus in die verlede.

Wanneer het die binding dan plaasgevind? Ons antwoord is dat die binding begin het met Jesus se eerste koms in Betlehem. Daarmee was Jesus Sy hele lewe besig. Hy was daarmee besig op die berg van versoeking (Matt 4:1-11); by die see van Gadara (Matt 8:28-34); by die draagbaar van die seun van die weduwee van Nain (Luk 7:11-

17) en veral op Golgota. Daar het Satan al sy magte in die stryd gewerp, maar daar is hy ook finaal en verpletterend verslaan. Die opstanding is die klinkklare bewys dat Satan oorweldig is. Daarom sien Johannes, as hy op Patmos staan, vir Christus as die oorwinnaar en Satan in sy boeie lê.

### Die getal duisend

Net soos alle getalle in die Openbaringe-boek, het die getal duisend (Op 20:5) 'n simboliese betekenis. Die getal duisend is opgebou uit $10 \times 10 \times 10$. Die getal tien is 'n volheidsgetal. Hier het ons die getal tien tot die derde mag. Die getal $10 \times 10 \times 10$ druk dus 'n absolute volheid van tyd uit. Die getal duisend wil dus sê dat die Satan vir 'n volle tydsduur gebind sal wees. Daardie tyd het begin met Jesus se koms in Betlehem en sal duur tot by die wederkoms. Gedurende daardie hele tyd sal Satan gebind wees, dit wil sê hy sal nie vry wees om sy verwoestingswerk ongehinderd voort te sit nie. Hierdie tydperk kan baie meer as duisend jaar wees.

Ons moet onthou dat die Satan gedurende daardie hele tydperk nie dood sal wees nie, dog net gebonde. Gedurende daardie tydperk sal Satan soos 'n kwaai hond wees, wat aan 'n ketting vasgemaak is, of soos 'n swaargewonde leeu. Hy kan nie sy prooi inhaal nie, maar wie te na aan hom kom, sal uitvind dat Satan sy tande in jou vleis indruk en jou verskeur. Omdat Satan in hierdie tyd gebonde is, kon die kerk gedurende die afgelope eeue so geweldig uitbrei.

Ek wil hierdie hoofstuk afsluit met die woorde van Hebreërs 13:9: "Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie", maar bly by wat julle geleer het.

# 14
# Die oordeel

In die Twaalf Artikels bely die gemeente elke Sondag: "Ek glo in Jesus Christus ... wat opgevaar het na die hemel ... van waar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode". In vraag en antwoord 52 van die Heidelbergse Kategismus sê die kerk dat ons Jesus Christus, "as 'n regter uit die hemel verwag", en in artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis sê die kerk: "Ons glo ten slotte ... dat onse Here Jesus Christus met groot heerlikheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het (Hand 1:11), om Homself aan te kondig as Regter oor lewendes en dooies ...". Prof dr Jac J Muller sê in *Die lewe na die Dood* (p 101): "Die wederkoms van Christus tot oordeel is een van die grondsuile van die Christelike geloof en word bely deur die hele Christelike kerk op aarde. Sy eerste koms na die aarde was in dienskneggestalte, en toe is Hy verwerp en gekruisig; Sy tweede koms sal wees in heerlikheid en majesteit, waarin Hy as Regter van hemel en aarde die laaste woord sal spreek en waarby die goddelike geregtigheid sal seëvier as die hele mensheid voor Sy vierskaar gestel sal word".

Die kerk glo dus rotsvas dat Christus eendag weer sal kom om die lewendes en die wat reeds gesterwe het, te oordeel.

Die vraag is nou: is daar vir hierdie oordeelsbeskouing van die kerk genoegsame en betroubare Skrifbewyse?

Ons noem net 'n paar tekste: Matteus 25:31-32: "Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei, soos 'n wagter die skape van die bokke skei".

Romeine 14:10: "Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word".

2 Korintiërs 5:10: "Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed of kwaad is".

KITAL

*Hebreërs 9:27:* "En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel..."

*Openbaring 20:12:* "En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke."

Die oordeelsbeskouing van die kerk is op duidelike Bybelse uitsprake gegrond.

**Wanneer sal die oordeel plaasvind?**

Op hierdie vraag word verskillende antwoorde gegee. Die meeste sektariese groepe sê dat daar twee wederkomste sal wees. Die eerste keer kom Christus om die wat aan Hom behoort, te kom haal. Met daardie koms breek die sogenaamde duisendjarige vrederyk aan. Aan die end van die sogenaamde duisendjarige vrederyk kom Christus weer. Dan kom Hy om te oordeel. Ons sê dat hulle met hulle tweërlei wederkoms verkeerd is. Die kerk leer dat daar net één wederkoms sal wees, nl aan die einde van die tyd by welke geleentheid die oordeel sal plaasvind. Die oordeel sal onmiddellik na die opstanding van die dodes plaasvind.

**Hoe lank sal die oordeel duur?**

Die Jehova-getuies sê dat die oordeel nie in een slag sal plaasvind nie, maar oor 'n tydperk van duisend jaar strek. Ons sê dat dit verkeerd is. Die Bybel sê nie vir ons presies hoe lank die oordeelsdag sal duur nie. In Matteus 24:36 en 42 praat Jesus van 'n dag en 'n uur. Op grond van hierdie teks sê prof dr S J van der Walt in *Geloofsleer en Sedeleer vir Standerd 10* (p 211): "Die oordeel sal nie lank duur nie. Die Skrif praat van 'n dag of 'n uur (Matt 24:36 en 42). Elke mens se lewe sal soos in een oogopslag voor hom klaar en duidelik staan, tesame met die oordeel van Christus daaroor, en niemand sal twyfel of dit regverdig is nie" (Fil 2:10 en 11).

Prof dr G C van Niftrik gee in sy *Kleine Dogmatiek* (p 152) hierdie treffende antwoord: "Net so seker as u en my sterfdag sal kom, sal daar 'n môre aanbreek dat ek nie meer daar sal wees nie, presies so sal die môre van die laaste, die jongste dag aanbreek. Aan die aand van die dag, sal daar geen dag, soos die ander dae meer wees nie.

Want soos my sterfdag die einde van die tyd op aarde vir my sal wees, so sal die dag van Christus se wederkoms die einde van alle dae wees – die laaste dag, die einde van die ganse tyd, en van die ganse wêreld, en die begin van 'n gans ander tyd – 'n tyd wat ons nie kan beskryf nie, omdat dit die tyd sonder tyd is, die ewigheid, God se tyd".

*Het die oordeel nie reeds in hierdie lewe plaasgevind nie?*

Ons sê dat die siel van die gelowige onmiddellik na die sterwe na die heerlikheid gaan, en die siel van die ongelowige onmiddellik na die sterwe na die plek van die pyniging gaan. Beteken dit dan nie dat die oordeel by die intree van die dood gevel word nie?

Dit sal goed wees as ons luister na die antwoord wat prof dr Van Niftrik in *Kleine Dogmatiek* (p 149) op hierdie vraag gee: "Die vonnis is gevel (by die sterwe); die saak is beslis; maar die oordeel is nog nie voltrek nie. Of beter ... ons is vrygespreek – maar nog nie buite die gevangenis nie ... die uitlei uit die gevangenis moet nog kom. Ons is vrygespreek – maar ons staan nog nie in die volle vryheid nie – ons moet nog uitgelei word. Ons glo, ons het die Woord van God gehoor dat Jesus die Oorwinnaar is en ons mag weet dat ons deur Christus behou is – kinders en erfgename van die Vader is. Maar dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie. Die openbaar word van wat ons sal wees, lê nog in die toekoms". Prof dr G B A Gerdener sê in *Handboek by die Katkisasie* (p 192): "Dat iemand wat lankal gesterf het, dan eers geoordeel word, (op die oordeelsdag), beteken net dat die vonnis wat by die dood geval het, dan eers volledig uitgevoer word, nadat die liggaam ook opgestaan het. Vergelyk die vonnis deur 'n regter en die voltrekking daarvan 'n tyd daarna aan die galg".

Die gelowige kan sê dat hy 'n erfenis in sig het – 'n erfenis wat hom regmatig toekom – maar waaroor hy nog nie beskik nie. Die gelowige besit die ewige lewe nou reeds, al smaak hy in hierdie lewe omtrent niks daarvan nie.

By die sterwe gaan net die siel van die gelowige na die heerlikheid, en net die siel van die ongelowige na die plek van die pyniging, maar na die oordeel by die wederkoms van Christus, gaan die siel en die liggaam van die gelowige die heerlikheid geniet, en die siel en liggaam van die goddelose na die ewige verderf.

**Waaroor gaan die oordeel?**

Op hierdie vraag gee die Bybel 'n duidelike antwoord.

*Matteus 12:36:* Hier sê Jesus: "Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag".

2 *Korintiërs 5:10:* "... sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed of kwaad is".

*Prediker 12:14:* "God sal elke werk bring in die gerig".

Prof dr Jac J Muller sê tereg in *Die Lewe na die Dood* (p 105): "Die werke, woorde, gedagtes, begeertes is vrugte van die gesindheid wat in die hart woon, en vorm deel van die mens. Ook die mees verborge sondedaad sal in die oordeel tot openbaring kom, en al die onversoende sondes en verkeerde werke en sondige gedagtes sal dus net dien tot verswaring van die oordeel van die ongelowige".

Die regspraak sal egter nie net oor ons gedagtes, woorde, gesindhede en dade gaan nie, maar veral oor ons verhouding tot Christus.

*Johannes 5:24:* "Wie ... glo het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie".

*Johannes 3:18:* "Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie".

Die oordeel sal dus gaan oor ons verhouding tot Christus. Die groot vraag sal dus wees of ons in Christus geglo het of nie; of ons die Evangelie geglo het of nie; of ons die genade wat Christus aangebied het, aangeneem of verwerp het. Ons moet onthou dat om te glo, nie 'n teorie is nie, dit is ook geen wêreldbeskouing nie. 'n Christelike wêreldbeskouing kan ons nie red nie, alleen die ware geloof, want Christus alleen is Redder en Verlosser.

Christus het in ons plek gestaan. Hy alleen het ons skuld en sonde vir Sy rekening geneem en sy geregtigheid en heiligheid vir ons gegee. Verder moet ons onthou dat die geloof nie sonder die werke kan wees nie. Geloof sonder die werke is dood.

Ons verhouding tot Christus sal bepaal waar ons die ewigheid sal deurbring. Hy wat waarlik in Christus glo, kan die oordeel gerus tegemoet gaan. Saam met Paulus kan hy nou reeds juig: "Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie ..." Die goddelose, die mens wat hom aan Christus nie steur nie, moet weet dat hy die ewige rampsaligheid tegemoet lewe. Met die woorde van

Jesaja 55:7 wil ons hulle toeroep: "Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer; dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik."

# 15
# Die hel

Elke Sondag bely ons saam met die kerk van alle eeue dat Christus neergedaal het na die hel. Die kerk het in sy Belydenisskrifte duidelik gesê wat hy met hierdie artikel bedoel. In die Heidelbergse Kategismus (vraag 44) sê die kerk dat Jesus nie letterlik na die hel neergedaal het nie, maar dat Jesus aan die kruis al die "onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse pyn wat die verlorene eendag in die hel sal ondervind, deurgemaak het." Met hierdie artikel wil die kerk nie sê dat Jesus na die bepaalde plek afgedaal het nie, maar dat Hy in 'n toestand ingedaal het.

Die nagmaalsformulier praat ook van die hel waar dit sê dat Jesus Christus Hom verneder het in die allerdiepste versmaadheid en angste van die hel. Verder sê die Nederlandse Geloofsbelydenis in artikel 37 dat "die goddeloses gepynig sal word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele berei is ..." Dit is die hel.

**Is daar werklik 'n hel?**

Het die kerk genoegsame en betroubare Skrifbewyse vir sy standpunt? Is die Jehova-getuies nie miskien reg as hulle leer dat die hel maar net iets is waarmee die kerk die mense bang maak nie? Rym die hel met die liefde van God?

Elke mens wat voor die Bybel buig, kan die bestaan van die hel nie ontken nie. Die Bybel laat ons oor hierdie saak nie in die duister nie. Luister net: Matteus 10:28: "Moenie bang wees vir die wat die liggaam doodmaak maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan".

Markus 9:43: "Dit is beter dat jy vermink in die lewe ingaan as dat jy altwee jou hande het en na die hel toe gaan, in die onuitbluslike vuur".

Matteus 25:41: "Gaan weg van My af julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele berei is".

2 Tessalonisense 1:9: "Hulle sal as straf ondergaan 'n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here en van die heerlikheid van sy sterkte".

Openbaring 20:10: "En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van die vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in ewigheid".

Openbaring 20:15: "En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van alle vuur gewerp".

Wie die leer oor die hel verwerp, verwerp die woord van Christus. Ons moet ons nie deur die Jehova-getuies laat meesleur en mislei nie.

**Waar is die hel?**

Die Bybel sê dit nie, omdat dit vir die Bybel nie belangrik is nie. Net soos die *hoe* van die opstanding van Jesus vir die Bybel nie belangrik is nie, maar die *feit* van die opstanding wel, net so is die plek waar die hel geleë is vir die Bybel nie belangrik nie, maar *dat* daar 'n hel is, is belangrik en dit leer die Bybel baie uitdruklik. Daarom maak ons ons ook nie druk oor waar die hel geleë is nie. Prof dr J H Bavinck sê in *Gereformeerde Dogmatiek* Deel 5 (p 796): "Ondersoekinge oor die ligging en die grootte van die hel, oor die hoedanigheid van die vuur en die wurm, oor die sielkundige en liggaamlike toestand van dié wat in die hel is, lei tot geen resultaat nie, omdat die Bybel daaroor swyg". Dit is waar dat die Bybel die hel dikwels teken as daaronder, die afgrond waarheen neergedaal of afgedaal word, soos die Bybel die hemel as daarbo teken waarheen opgevaar word. Dit staan in verband met die wêreldbeeld van die mense van daardie tyd. Vir hulle was die hemel daarbo en die hel daaronder in die afgrond.

Vir ons is dit genoeg om te weet dat daar 'n hel is en dat die goddeloses tot in alle ewigheid daar gepynig sal word.

**Hoe lank sal die straf duur?**

Die Roomse kerk met sy leer van die vagevuur of reinigingsvuur, leer dat die gelowige na die dood vir die vergeeflike sondes wat na die doop begaan is, moet boet deur helse pyn.

Die Universaliste glo aan 'n uiteindelike herstel van alle dinge, 'n

algemene saligheid, selfs van die gevalle engele.

Daar is die Adventiste (Sabbatariërs) en die Jehova-getuies wat glo dat die goddeloses na die oordeelsdag totaal vernietig word. Daarenteen leer ons kerk dat die straf van die goddeloses 'n ewige straf is.

Prof dr G B A Gerdener sê in *Handboek by die katkisasie* (p 156): "Die Griekse woord 'aionosu' (ewig) beteken by wyse van uitsondering 'n tydperk van beperkte duur, maar in die reël beteken dit onbeperk of ewig. Dieselfde woord word gebruik om aan te dui dat God die Vader (1 Tim 1:17), God die Seun (Op 1:18) en God die Heilige Gees (Hebr 9:14) ewig is; en in hulle geval dui dit natuurlik eindlose duur aan. Maar nog meer: in Matteus 25:46 word dieselfde woord 'aisnios' gebruik om 'ewige lewe' en 'ewige pyn' aan te dui". Ds H Veldkamp sê in *Zondagkinderen* Deel 1 (p 55) "... die ewigheid ken geen einde nie en selfs die dood, wat 'n weldaad kan wees om uit die lyding te help, bly weg, omdat die ewige straf beteken om ewig in die doodsnood te wees, sonder ooit die laaste snik te gee. Ontsettend! Altyd die gevangenismure. Geen enkel uitsig meer nie: nooit, nooit, nooit!" Prof dr Jac J Muller stem hiermee saam as hy in *Die lewe na die Dood* (p 110) sê: "Die verderf en die vuur en die pyniging word ewig genoem, net soos ook die lewe wat die gelowiges ontvang ewig genoem word, en God en Christus ewig is. As die uitdrukking in die laasgenoemde gevalle beteken altyddurend, dan beteken die ewige verderf ook 'n nimmereindigende rampsaligheid".

Op grond van genoegsame Bybelse gegewens leer die kerk in die Heidelbergse Kategismus (vraag 11) dat die sonde "ook met die hoogste, dit is, met die ewige straf aan liggaam en siel gestraf moet word", en in artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis verklaar die kerk dat die goddeloses gepynig sal word "in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele berei is".

**Hoe word die hel geteken?**

Die hel word in die Bybel aangedui as die plek van verderf. Dit is buitekant die hemel (Op 22:15, Matt 8:12). Dit is 'n bepaalde plek waarin 'n persoon gegooi word (Matt 13:42) en dit word die onderwêreld genoem (Luk 8:31), gevangenis (1 Pet 3:19). Dit word ook genoem die afgrond (Op 9:1-2), die plek van vertering (Spr 15:11; Jes 14:10), die buitenste duisternis, (Matt 8:12; Ef 2:12), die plek waarvandaan die rook van die pyniging opstyg tot in alle ewigheid (Op

14:11, 19:3), die plek waar die wurm nie sterf nie en die vuur nie geblus word nie (Mark 9:43), die plek waar daar vir ewig 'n geween en gekners van die tande sal wees (Matt 8:12).

Die hel word ook vergelyk met die dal van Hinnom. Die dal het buite Jerusalem gelê. Ons weet dat die Jode in daardie tyd al die vuilgoed van die stad en al die karkasse van die dooie diere daar weggegooi het. Om te voorkom dat pes in die stad uitbreek, is daardie vuilgoed aan die brand gesteek en elke môre is die nuwe vuilgoed en die karkasse van die dooie diere op daardie smeulende vuur gegooi. Uit daardie dal het die rook dan ook dag en nag opgestyg, daar het die wurms dag en nag gekrioel en gevreet en die vuur is nooit geblus nie.

Die dal van Hinnom was in die volle sin van die woord die vuilgoedbak van Jerusalem. Net so is die hel die vuilgoedbak van die heelal. Daar beland al die mislukkings; almal wat weggegooi word en almal wat vir niks meer deug nie.

Al die beelde en uitdrukkings waarmee die hel geteken word, het net één doel, nl om die vreeslike van die hel aan te dui. Al die beelde wil ons net 'n ander sy van die hel laat sien. In elke beeld word die hel vanuit 'n ander hoek gesien en geteken.

### Die vreeslikheid van die hel

In die hel sal dit vreeslik wees. Wat 'n smart sal die vlamme, die selfverwyte, die selfbeskuldiginge en die wanhoop nie veroorsaak nie? Stel u voor watter onbeskryflike smart het die ryk man nie ondervind nie, toe hy uitgeroep het: "Ek ly smarte in hierdie vlam". Daar was seker nog nooit gepleit soos hy gepleit het om slegs één druppeltjie water om sy brandende tong te verkoel nie.

Wat 'n wanhoop toe selfs die één druppeltjie geweier word. Wat 'n sielepyn toe hy hoor: "My kind, onthou dat jy in jou leeftyd altyd die goeie gekry het". Wat 'n vreeslike benoudheid om ewig in 'n toestand van sterwe te wees en nooit dood te wees nie. Mag dit ons gespaar bly.

### Dit kon anders gewees het

Ja, dit kon anders gewees het. As die goddelose nie 'n dwaas of 'n gek was nie, kon hy ewig saam met Abraham, Isak, Jakob en al die

profete aan die bruilofstafel aangesit het, maar nou is hy ewig buite, ewig in die buitenste duisternis.

Hy kon ewig die onbeskryflike heerlikheid geniet het, maar nou is hy ewig in die vlamme wat nie geblus kan word nie.

Hy kon ewig gesing en gejuig het, maar nou sal hy ewig ween en op sy tande kners.

Die goddelose ondervind iets van al hierdie dinge reeds in hierdie lewe. Dink maar aan die wroeginge, die selfverwyte en selfsbeskuldiginge ... maar al hierdie dinge sal kinderspeletjies wees in vergelyking met wat in die hel ondervind sal word.

Laat ons nie soos dwase mense die boodskap van die Evangelie probeer weglag, wegpraat of wegspot nie. Vir die mens wat dit doen, wag daar 'n bittere ontnugtering. Laat ons verstandig wees. Luister na die oproep van Jesaja 55:6 en 7: "Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik". Kom na Jesus toe terwyl Sy arms nog na jou uitgesteek is. Dit is nou die welaangename tyd; dit is nou die dag van verlossing. As hierdie dag verby is, is dit vir altyd verby. As jy onversoenend sterwe, is jy vir ewig in die helse smarte.

# 16
# Die hemel

Wanneer ons die gegewens van die Bybel oor die hemel nagaan, vind ons dat die woord hemel baie in die Bybel voorkom. In die Ou Testament vind ons die woord "hemel" minstens 45 keer en in die Nuwe Testament minstens 91 keer. Ons vind die kombinasie "hemel en aarde" minstens 40 keer en die byvoeglike naamwoord "hemelse" minstens 15 keer.

**Wat beteken die woord hemel?**

Die Bybelse Ensiklopedie van Prof dr W H Gispen en vertaal deur ds J H van Wyk e a, sê (p 202) dat die letterlike betekenis van die Hebreeuse woord wat ons met hemel vertaal, glad nie seker is nie en daarom moet ons gaan kyk wat die woord "hemel" in die Bybel wil sê.

Die woord kom voor in die betekenis van uitspansel (Gen 1:8, 7:11; Matt 6:26). Hierdie hemel omring die aarde en is ook die naaste aan die aarde.

Die woord het ook die betekenis van sterrehemel. (Gen 15:5): "Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel".

Genesis 22:17: "... dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel". Daar is al die hemelliggame.

Psalm 19: Die digter dink aan die sterrehemel as hy in vers 2 sê: "Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van Sy hande".

Psalm 89:1: In hierdie vers sing die gemeente: "En soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie, so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie".

Die woord wys ook op die woonplek van God. Genesis 21:17: ... "en die Engel van God het na Hagar geroep uit die hemel..."

Genesis 22:11: "Maar die Engel van die HERE het na hom van die hemel af geroep...".

Nehemia 9:13: "En op die berg Sinai het U neergedaal en met hulle gespreek uit die hemel..."

Die hemel is die woonplek van God en die engele. Daar staan die troon van God (Ps 11:4); Daarvandaan het die engele na Hagar geroep (Gen 22:17); Daarvandaan het Jesus met die vleeswording gekom en daarheen het Hy met die hemelvaart teruggekeer. Daarvan het die Heilige Gees gekom en daarheen gaan die verlostes.

Hierdie hemel word ook die "hoogste hemel genoem" (1 Kon 8:27) en ook die "derde hemel" (2 Kor 12:2).

**Is die hemel 'n plek of 'n toestand?**

Op hierdie vraag gee die Bybel nie baie inligting nie. Prof dr Jac J Muller sê egter in *Die Lewe na die Dood* (p 111): *"Nie net* 'n *toestand* van heerlikheid en geluk en saligheid nie, maar *ook* die *plek* waar dit beleef word. Naas God en die engele wat daar verkeer, is dit ook bedoel vir die gesaligde mense; en dit word dikwels in die Skrif voorgestel as 'n woonplek, 'n stad, 'n gemeenskap, 'n koninkryk".

'n Pragtige tekening van die hemelstad vind ons in Openbaring 21:9-26. Dit is die stad met sy goue strate, pêrelpoorte en fondamente van edelgesteentes, en in daardie stad kan niks en niemand inkom wat verontreinig en gruwels doen en leuens spreek nie. 'n Heerlike plek, 'n heerlike toestand.

**Waar is die hemel?**

Die Bybel sê dit nie, net soos die Bybel nie sê waar die hel geleë is nie. Dit is ook nie vir ons nodig om presies te weet waar die hemel geleë is nie. Dit is genoeg as ons weet dat daar 'n hemel is waar die verlostes tot in alle ewigheid volmaakte geluk en heerlikheid sal smaak. Dit is waar dat die hemel dikwels geteken word as daarbo, 'n plek waarheen opgevaar word. Die apostel Paulus het ook hierdie hemel in gedagte as hy sê dat hy wens om heen te gaan en met Christus te wees, want daar is dit vir hom verreweg die beste (Fil 1:23).

Die hemel word nie net geteken as die plek van volmaakte geluk en heerlikheid nie, maar ook as die beter vaderland (Hebr 11:15 en 16); die Vaderhuis (Joh 14:2), die plek waar blydskap heers (Luk 15:7), die plek waar vrede is (Luk 19:38), die plek waar die name van die gesaligdes opgeskryf is (Luk 10:20). Dit is dan ook begryplik dat ons

ons nie druk moet maak oor waar die hemel geleë is nie, maar ons moet verbly oor die heerlikheid en saligheid wat daar op ons wag.

**In die hemel is geen passiwiteit nie**

Die hemel leer baie duidelik dat die gesaligdes geen passiewe menigte sal wees nie. Die wat in die hemel is, sit nie daar met gevoude arms en geslote monde nie. In Openbaring 5:13 word gesê dat die wat in die hemel is, onophoudelik sing: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid".

In die hemel is daar ook geen enkele ledige oomblik nie en daarom ook geen vervelige oomblik nie. Die wat daar is, is elke oomblik besig. Hulle is aktief.

*God is besig*. Jesus verseker ons in Johannes 5:17: "My Vader werk tot nou toe!" Hy is besig om Sy skepping te onderhou, te regeer en te stuur na die einde toe wat Hy daarvoor bepaal het.

*Jesus is besig:* Hy is daar besig om vir ons as voorspraak op te tree; Sy kerk te regeer en Sy volk op aarde te beskut en te bewaar. Pragtig stel prof dr G C van Niftrik dit in *Kleine Dogmatiek* (p 143): "Jesus se rus in die hemel is geen ledige, geen olimpiese rus nie, Hy is altyd besig – Hy berei ons plek voor (Joh 14:20) en Hy bid vir ons (Rom 8:34).

*Die engele is besig*. Volgens Jesaja 6:3 sing die engele aanhoudend: "Heilig, heilig, heilig is die HERE van die Leërskare. Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol". Volgens Hebreërs 1:14 staan die engele elke oomblik gereed rondom die troon van God om uitgestuur te word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe.

*Die geheiligdes is besig*. Hulle sing nie net aanhoudend nie, maar verkeer ook in 'n feestelike stemming saam met Abraham, Isak en Jakob en al die profete.

In die hemel is daar volkome eenheid. Natuurlik, want almal wat daar is, dra dieselfde klere. Dit is die kleed van geregtigheid wat Christus geweef het en om hulle skouers gehang het. Almal wat daar is, is ewe skoon. Natuurlik, want hulle is almal in dieselfde bloed gewas, die bloed van Jesus Christus wat alle sondes afwas en wegspoel.

Almal dra dieselfde oorwinningskroon; almal sing dieselfde oor-

KITAL

winningslied, almal is dieselfde ewige lewe deelagtig en almal geniet dieselfde heerlikheid.

In die hemel is daar geen enkele wanklank nie. Natuurlik nie, want daarin sal niks inkom wat verontreinig en gruwels doen en leuens spreek nie (Openbaring 21:17). Daar sal ook geen ellende, siekte, lyding, trane en dood wees nie. Die oue het verbygegaan, kyk alles het nuut geword.

### Die ewige teenwoordigheid van Christus

Die hemel is die plek van heerlikheid en geluk. En wat daardie heerlikheid so heerlik maak, wat die hemel werklik die hemel maak, is die ewige teenwoordigheid van Christus. Daar is die gesaligdes altyd by Hom.

Daar is die gesaligdes tot in alle ewigheid deelgenote van die heerlikheid wat Christus omstraal.

Daar sal die gesaligdes Hom ken in die volle diepte van Sy sondaarsliefde en daar sal hulle tot in alle ewigheid Sy geseënde hoof aanskou wat eenmaal hier die doringkroon gedra het.

Hierdie ewige teenwoordigheid van Christus sal die hoogste saligheid in die hemelse heerlikheid uitmaak. Hy is die lig en vrede van die hemel. Saam met die digter van Psalm 31 roep ons uit: "O Hoe groot is u goedheid wat U weggelê het vir die wat U vrees, wat U uitgewerk het vir die wat by U skuil".

Nog meer, die gelowiges sal na die wederkoms van Christus nie alleen die hemel nie, maar ook die aarde beërwe. In die Ou Testament het die Here reeds belowe om 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde te skep. (Jes 65:17; 66:22) Die Nuwe Testament het hierdie belofte oorgeneem (2 Pet 3:13). Johannes het dit in die visioen reeds vervul gesien (Openb 21:1).

### Geen nuwe skeppinge nie

Hierdie nuwe hemel en nuwe aarde sal egter nie nuwe skeppinge wees nie, maar die herskepping van die oorspronklike hemel en aarde. En as die nuwe hemel en die nuwe aarde daar is, sal die nuwe Jerusalem, dit is die volkome teenwoordigheid van die gemeenskap met God, uit die hemel neerdaal op die aarde. Dan sal alles hemel

wees. Dan sal die gesaligdes God ewig ken en dien en ongehinderd loof en prys.

Alleen daardie mens wat hier deur 'n opregte geloof in Christus ingelyf is, sal in die hemel kom. Bly in Hom en Hy in u en dan sal die hemel ook eenmaal u ewige woonplek wees.

HAUM